

H O O F S T U K 1

INLEIDING

Die onderwerp van hierdie verhandeling spruit voort uit die klem wat in die moderne onderwyspraktyk op leer deur middel van selfontdekking gelê word. Geskiedenis leen hom om begryplike redes nie tot fisiese selfontdekking soos in die geval van die natuurwetenskappe nie. Die mate waarin die historiese verhaal dalk as plaasvervanger vir die werklike gebeure kan dien, en sodoende as medium vir selfontdekking aangewend kan word, het hierdie studie geïnspireer.

1.1 Probleemstelling

Die probleemstelling wat reeds in die titel gesuggerer word, kan duideliker omskryf word deur die vraag in hoeverre die Suid-Afrikaanse geskiedenis in verhale wat vir die kind toeganklik is, weergegee word. Hierdie vraag identifiseer ses probleemvelde, naamlik:

- i die geskiktheid van die Suid-Afrikaanse geskiedenis vir vertolking in verhaalvorm;
- ii die term historiese. Is 'n verhaal histories wanneer dit slegs teen die agtergrond van die verlede afspeel, maar nie gegrond is op enige ware gebeure nie, of is dit slegs 'n historiese verhaal as dit handel oor persone wat werklik geleef het en oor gebeure wat werklik plaasgevind het?

- iii die toeganklikheid of leesbaarheid van die bestaande kinder-en jeugverhale wat op die Suid-Afrikaanse geskiedenis betrekking het;
- iv die doeltreffendheid waarmee die historiese verhaal wel in die onderrig van Geskiedenis aangewend kan word; asook
- v die mate waarin die bestaande verhale wat op die geskiedenis van Suid-Afrika betrekking het, pas by die ontwikkelingspeil en ervaringsveld van die ouderdomsgroep op wie die onderrig van 'n spesifieke tydperk of gebeure gerig is, met ander woorde as die Groot Trek volgens die Geskiedenis sillabus in standerd drie behandel moet word, is die bestaande boeke oor die Groot Trek, wel verstaanbaar vir 'n kind van ongeveer tien jaar;
- vi die noodsaaklikheid, al dan nie, dat die jeug- en kinderverhaal wat op die historiese gerig is aan die vereistes wat aan goeie kinder- en jeuglektuur gestel word, moet voldoen, en die literêre gehalte van die bestaande kinder- en jeugverhale wat op die Suid-Afrikaanse historiese betrekking het.

1.2 Doel en omvang

Die doel met hierdie studie is dus eerstens om te bepaal of die historiese verhaal doeltreffend in die onderrig van Geskiedenis aangewend kan

word, en indien wel, of die Suid-Afrikaanse historiese reeds in so 'n mate in die kinder- en jeugverhaal gedek is dat sodanige onderrigmetode sinvol aangewend sal kan word.

Tweedens word beoog om vas te stel aan watter vereistes 'n verhaal moet voldoen om as 'n historiese verhaal geklassifiseer te word en of die historiese wel 'n regmatige plek ingeneem het in die kinderverhaal as letterkundige genre.

Die gevolgtrekkings wat uit hierdie ondersoek sal voortvloei, mag nuwe insigte bring en riglyne verskaf ten opsigte van die gebruik van die kinder- en jeugverhaal in die onderrig-leersituasie. Daar sal ook gepoog word om leemtes in die letterkundige en inhoudsgehalte en in die omvangsdekking van die beskikbare Suid-Afrikaans-gerigte historiese kinder- en jeugverhale uit te wys.

1.3 Afbakening van die studieterrein

Hierdie studie is beperk tot kinder- en jeugliteratuur in prosastyl wat in boekvorm verskyn het. Die beperkte lewensduur van tydskrifte maak die insluiting van historiese verhale wat in tydskrifte verskyn het, onwenslik.

Hierdie studie het slegs op die Suid-Afrikaanse historiese betrekking, met ander woorde op alle kinder- en jeugverhale wat afspeel binne die Suid-Afrikaanse geografiese historiese milieu. Geografiese gebondenheid wat impliseer dat 'n verhaal net ingesluit sal word, mits dit in ge-

heel of gedeeltelik op Suid-Afrikaanse bodem afspeel, is noodsaaklik. Die wortels van die Blanke beskawing in Suid-Afrika strek tot in Europa en indien hierdie geografiese beperking nie toegepas word nie, sal die studieveld onhanteerbare afmetings aanneem.

Ter illustrasie kan genoem word dat Die Vuurwoud deur Adriaan Snyman, byvoorbeeld nie ingesluit sal word nie, alhoewel dit oor die aandeel van Suid-Afrikaners in die slag van Delvillebos gedurende die Eerste Wêreldoorlog handel. Die geografiese gebondenheid sal egter net op die verhaalinhoud van toepassing wees en nie op die plek van uitgawe nie, want so 'n beperking sou meebring dat 'n aantal werke van Jenny Seed en ander skrywers wat 'n besonder groot bydrae tot ons historiese verhaalskat kan maak, uitgesluit sou moes word.

Die historiese tydperk wat in hierdie studie gedek sal word, strek vanaf die eerste Europese kennismaking met die suidpunt van Afrika in 1488 tot met die Rebelle in 1914/1915. Motivering vir die besluit om 1915 as die eindpunt van die studieveld te neem, is daarin geleë dat daar vanaf die twintigste eeu soveel verhale gepubliseer is wat eintlik as realistiese verhale bedoel was, maar wat vanweë die tydverloop nou ook as historiese verhale beskou moet word, dat die insluiting van al hierdie verhale die studieveld 'n onhanteerbare omvang sou gee. Aan die anderkant sou dit nie logies wees om die studie met die beëindiging van die Anglo-Boere-Oorlog in 1902 af te sluit nie, aangesien die Rebelle

van 1914 sy wortels in die Anglo-Boere-Oorlog gehad het.

1.4 Omskrywing van begrippe

1.4.1 Die historiese

Die begrip historiese word in hierdie studie in sy breedste sin vertolk. Daar word nie net aandag gegee aan gebeure wat voortspruit uit die politieke en staatkundige verloop van die geskiedenis nie. Die natuur- en kultuurhistoriese vorm ook deel van die studieveld. Die rasegte San (Boesman) het byvoorbeeld in Suid-Afrika uitgesterf en verhale waarin hulle kultuur vergestalt word, sal dus as historiese verhale beskou word. Die motivering vir die insluiting van die kultuur- en natuurhistoriese is geleë in die doelstellings van Geskiedenisonderrig, soos verwoord in die Geskiedenisillabusse van die verskillende onderwysdepartemente. Deur die onderrig van Geskiedenis word nie net gepoog om aan die leerling 'n feitlike kennis van die verlede te gee nie, maar ook om by die kind 'n liefde vir die volkseie te kweek en om deur kennis en begrip van ander volkere se volkseie beter naasbestaan in Suid-Afrika te verseker.

1.4.2 Kinder- en jeugverhaal

Die terme kinder- en jeugverhaal vereis ook nadere omskrywing. As norm vir die verwerwing van die C.P. Hoogenhoutme-

dalje word gestel dat die verhaal uit die kind se omgewing, sy gedagtes, ervaring en gevoelslewe moet spruit. Na aanleiding van hierdie kriteria word die kinder- en jeugverhaal vir die doeleindes van hierdie studie beskou as enige verhaal wat binne die ervaringsveld van die bepaalde groep val en waarin een of meer karakters op so 'n wyse uitgebeeld word dat die leser hom met hulle kan identifiseer. Indien nodig sal daar 'n onderskeid getref word tussen kleuter- en kinderverhale. Kleuterverhale behoort geskik te wees vir die drie- tot sesjarige, kinderverhale vir die sewe- tot elfjarige en jeugverhale vir die elf- tot agtienjarige. Indien spesifiek na die jongvolwassene verwys word, word bedoel die sestien- tot agtienjarige.

1.4.3 Khoikhoi en San

Die eerste inheemse bevolkingsgroepe waarmee die Blanke setlaars in Suid-Afrika in aanraking gekom het, was veeboere en jagter-versamelaars wat hulle onderskeidelik Hottentotte en Bosjesmans (Boesmans) genoem het. Die veeboere het egter na hulleself as Khoikhoi en na die jagter-versamelaars as San verwys (Gilomee & Elphick, 1982, p.5). Derhalwe sal die terme Hottentotte en Boesmans in Hoofstukke 4 en 5 gebruik word, aangesien die geskiedenis hier vanuit Blanke oogpunt benader word.

In Hoofstuk 6 waar die klem op die geskiedenis van die inheemse bevolkings val, sal die terme Khoikhoi en San ter wille van perspektiefsuiwerheid gebruik word.

1.5. Werkmetode

Die ondersoek sal hoofsaaklik op twee metodes berus: teoretiese begronding aan die hand van literatuurstudie en die kritiese evaluering van die verhalende lektuur aan die hand van die analitiese metode. Daar is teen 'n empiriese ondersoek om die teoretiese begronding in Hoofstuk 2 te rugsteun, besluit op grond van die feit dat daar so 'n groot aantal faktore is wat die prestasie van sowel die eksperimentele as die kontrole groep kan beïnvloed, dat resultate wat so verkry kan word, nie noodwendig betroubaar sal wees nie.

1.6 Raamwerk

Hoofstuk 1 vorm die algemene inleiding tot en die motivering vir die keuse van die bepaalde studie-onderwerp.

In Hoofstuk 2 word die noodsaaklikheid vir die gebruik van historiese verhale in die onderrig van Geskiedenis teoreties gefundeer deur die bestudering van die ontwikkeling van die leer- en denkproses by die kind aan die hand van vaklektuur op die gebied van die psigo-opvoedkunde.

Aan die hand van die beskikbare vakliteratuur word in Hoofstuk 3 'n uiteensetting gegee van die vereistes waaraan die historiese kinder- en jeugverhaal moet voldoen om sowel historiese as kinder- en jeugverhaal te wees.

In Hoofstuk 4 word die stand van historiese verhale met betrekking tot die eerste drie eeue van die Suid-Afrikaanse geskiedenis ontleed deur eerstens die verhaalmoontlikhede van die tydperk te belig en tweedens die beskikbare historiese verhale krities te evalueer.

In Hoofstuk 5 word die negentiende eeu op dieselfde wyse benader.

In Hoofstuk 6 word eerstens 'n motivering gegee vir die noodsaaklikheid om die geskiedenis van die Swartvolke as 'n selfstandig studie-onderwerp te benader en tweedens word 'n globale oorsig oor die beskikbare verhaallektuur gegee.

Die gevolgtrekkings in Hoofstuk 7 berus op die feite verskaf in die voorafgaande hoofstukke wat ook ter wille van bruikbaarheid in die onderrigleersituasie in 'n tabel in Bylaag A gesistematiseer is.

DIE HISTORIESE VERHAAL IN DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS

Geskiedenis as skoolvak is nie besonder gewild nie. Dit geld vir sowel die primêre as die sekondêre skool. In 'n R.G.N.-ondersoek in 1966 na die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse skole is bevind dat die persentasie matriekleerlinge wat Geskiedenis as vak neem van 1956 tot 1966 van 60 % tot 49 % gedaal het. Meer resente statistiek bevestig hierdie tendens. In 1975 het 38 %, in 1980 29 % en in 1984 24 % van die matriekleerlinge in die gewone (m.a.w. privaatskole uitgesluit) TOD-skole Geskiedenis geneem* (TOD, 1984).

Dat die tendens van dalende gewildheid van Geskiedenis as skoolvak nie net tot Suid-Afrika beperk is nie, blyk uit 'n ondersoek in die Verenigde State van Amerika in 1970 deur Wayne Herman waarby 214 laerskoolleerlinge betrek is. Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat Sosiale Studie, waarby Geskiedenis ingesluit is, die ongewildste vak op skool is. (Ragan, Wilson & Ragan, 1972, p.167). Ook in Brittanje verklaar Brit en Nichol in 1975: "The subject is under pressure both from outside and inside the schools... In the schools themselves history is on the defensive." (1975, p.1).

Die oorsaak van die ongewildheid van Geskiedenis as skoolvak word deur verskillende skrywers aan verskillende faktore, wat wissel van die metode van eksaminering tot die metode van onderrig, gewyt.

* In 1975 het die differensiasiestelsel waarvolgens leerlinge 'n "pakket"-vakke en nie meer individuele vakke kies nie, in die Transvaal in werking getree. Geskiedenis is byvoorbeeld nie by die pakket vir Teg-niese vakke ingesluit nie. Die afname in die persentasie leerlinge wat Geskiedenis as matriekvak neem, moet gedeeltelik hieraan toegeskryf word.

Van Jaarsveld (1966, p.18) sê dan ook dat as daar in die geskiedenis van die Geskiedenisonderwys in Suid-Afrika een opvallende feit is, dan is dit dat die Afrikaners sedert die sewentigerjare van die vorige eeu nog nooit tevrede was met die wyse waarop Geskiedenis op skool onderrig is nie . In die tydskrif Ons Taal van 15 Januarie 1908 kla 'n sekere G.F. Marais dat die Geskiedenisonderwysers hul vak "... op droge en lustelose manier onderwijs. In plaas van om die vak boeiend en lewendig voor te hou, gee di onderwyser 'n lang lijs van datums om uit di hoof te leer. Di kind krij daar 'n afskrik in en haat dit later..." (aangehaal deur Van der Merwe, 1980, p.9). Ook van Jaarsveld soek die fout by die metode van onderrig en vra: "Hoe kan 'n leerling 'n liefde ontwikkel as hy soos 'n perd aan droë hooi uit sy aantekeninge moet eet". (1966, p.39). Tien jaar later waarsku F.H. Doman in sy Didaktiese benadering van Geskiedenis op skool dat daar te veel abstrakte waarhede en feitelikhede aan die leerlinge opgedis word. (Van der Merwe, 1980, p.9).

Geskiedenis as skoolvak staan dus werklik met sy rug teen die muur en hierdie verontrustende situasie moet lei tot die vraag wat gedoen kan word om Geskiedenis as vak meer aanvaarbaar en selfs gewild by kinders te maak. Voordat sinvolle veranderinge in die metode van Geskiedenisonderrig voorgestel kan word, is dit nodig om eers vas te stel hoe leer en denke by die kind plaasvind en of huidige metodes van Geskiedenisonderrig hoegenaamd hierby aanpas. Laastens sal dan bepaal word watter rol die historiese verhaal as metode van onderrig in Geskiedenis kan speel en hoe die historiese verhaal aangewend kan word om die leerproses makliker te laat plaasvind en die kind daardeur tot historiese denke te lei.

Die Leerproses

Voordat bepaal kan word volgens watter metode Geskiedenis die doeltreffendste "geleer" kan word, is dit nodig om vas te stel presies hoe die proses van leer by die mens voltrek word. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige oogpunt, is leer 'n geesteswerkzaamheid waardeur begrippe gevorm word, dus 'n denkwerking (Coetzee, 1941, p.241). Vir die doel van hierdie studie, waar dit gaan om die leerproses in direkte verband tot Geskiedenisonderrig, word leer gesien as 'n doelbewuste, sinvolle denkproses.

Die eerste stap in die leerproses is waarneming (Sealy & Gibbon, 1966, p.6; Derville, 1966, p.34). Die mens neem nie alles waar wat binne sy waarnemingsveld is nie. Waarneming is ook nie 'n passiewe toestand waarin 'n kind verkeer terwyl prikkels op hom inwerk nie (Vrey, 1979). 'n Mens besluit doelbewus om sy aandag aan iets te skenk. Om aandag te gee kan ook gedwonge of spontaan wees. Wanneer aan iets aandag gegee word omdat daar direkte belangstelling in die onderwerp is, is dit spontane aandag (Derville, 1966, p.25). Hierdie vorm van aandag kan langer volgehou word en die waarneming wat die resultaat is van spontane aandag bly langer by. Aandag gee word egter eers waarneming wanneer betekenis gegee word aan die prikkels wat op die sintuie inwerk (Derville, 1966, p.25). Betekenisgewing is weer direk afhanklik van reeds bestaande kennis en waarneming kan dus beskryf word as die eenheidsproses waarin betekenisgewing en gewaarwording wisselwerkend op mekaar aangewys is.

Die tweede fase in die leerproses geskied dus wanneer die soeke na betekenis lei tot 'n bepaalde idee of begrip waaraan die waarneming gekoppel kan word. In navolging van Piaget bestempel opvoedkundiges hierdie fase as konsepvorming. In hierdie fase soek die kind onbewustelik in sy vorige ervarings na ooreenkomste met sy nuwe waarneming en skakel hy die nuwe waarneming in by die vorige ervarings waarmee dit die nouste verband hou. Piaget noem dit die proses van akkommodasie (Vrey, 1979, p.119). Indien die twee ervarings nie presies dieselfde is nie volg 'n proses van verstelling of verwerking waardeur die bekende ervaring deur die nuwe gewysig word. Hierdie verwerking van bestaande begrippe om nuwe waarnemings te huisves, staan bekend as assimilasie (Richmond, 1970, p.19). Deur die proses van akkommodasie en assimilasie word 'n spesifieke begrip (konsep) aan die waarneming geheg. Om die noodsaaklikheid van konsepvorming in die leerproses te begryp, is dit nodig om duidelik te onderskei tussen 'n konsep en 'n beeld (image). 'n Beeld is 'n reproduksie in die gedagte van 'n vorige ervaring (Derville, 1966, p.55). Alhoewel konsepvorming, veral by die laerskoolkind, dikwels in die vorm van beelde gedoen word, beteken die oproep van 'n beeld nie noodwendig dat 'n konsep gevorm is nie (Jarolimek & Foster, 1976, p.285).

Die funksie van 'n konsep is juis dat dit die kind help om van fisiese, konkrete waarnemings abstrakte idees saam te stel wat hom weer kan help om ander konkrete ervarings, wat fisies van sy vorige waarnemings verskil, te vertolk (Lembo, 1969, p.123). Om dus die kind aan te moedig om in die vorm van konkrete beelde te dink, kan remmend op die leerproses inwerk. Die belangrikheid van konsepvorming, eerder as beeldvorming, word ook deur Ausubel beklemtoon: "...man lives

in a world of concepts, rather than in a world of objects, events and situations". Die werklikheid word, figuurlik gesproke, ervaar deur 'n filter van konsepte wat vir hom psigologies betekenisvol moet wees. (Ausubel, 1968, p.505).

Konsepvorming is ook 'n suiwer individualistiese aksie. 'n Konsep kan nie vir iemand gevorm word nie. Die onderwyser kan poog om deur die gebruik van visuele hulpmiddels die kind te help om 'n konsep te vorm, maar net hy (die kind self) kan die konsep vorm (Wadsworth, 1978, p.183).

Dit blyk ook duidelik dat konsepvorming direk afhanklik is van vorige ervaring (Traill, Logan & Rimmington, 1972, p.111). As daar nie reeds 'n betekenisvolle ervaring of waarneming is waaraan die nuwe waarneming gekoppel kan word nie, bly dit 'n geïsoleerde ervaring en dus betekenisloos. Die kind is dikwels onbewus van die vorige ervaringspore, tog vind die wisselwerking plaas wat betekenisvorming en leer vergemaklik. Diepte en omvang in konsepvorming neem toe as gevolg van meerdere ervaring (Traill, et al, 1972, p.111). Die leerproses kan ook gestrem word deur die vorming van vals of verkeerde konsepte. Vals konsepte word eers tens gevorm as gevolg van 'n gebrek aan ervaring (Lembo, 1969, p.127). So kan 'n verkeerde konsep (idee) van 'n persoon gevorm word indien kennismaking met die persoon tot 'n enkele situasie beperk was. Meerdere ervaring sal 'n meer korrekte konsep meebring. Tweedens word vals konsepte gevorm as gevolg van 'n gebrek aan inligting (Derville, 1966, p.57).

Die leerproses is egter nie voltrek nadat 'n enkele konsep gevorm is nie. Die kind is voortdurend besig om konsepte te vorm. Die leerproses vereis egter dat

die ooreenkomste tussen 'n aantal konsepte raakgesien, uitgehaal en tot 'n sinvolle geheel saamgesnoer moet word. Daar moet dus integrasie plaasvind. (Van Parreren, 1971, p.22).

Deur die insien van onderlinge verbande tussen konsepte of feite en die integrering van hierdie verbande met mekaar word insig verwerf (Van Parreren, 1971, p.12). Insig is dus die vermoë om 'n vaste struktuur of patroon in 'n aantal ervarings of konsepte te gewaar en 'n kennisstruktuur te vorm (Bruner, 1963, p.6). As die kind eenmaal so 'n struktuur gevorm het, kan hy ander ervarings of waarnemings sinvol hierby inweef. Bruner (1963, p.7) noem dit die proses van generalisasie - dus veralgemening. Waarneming word baie vinniger in 'n konsep omskakel wanneer so 'n kennisstruktuur bestaan waarby dit geïntegreer kan word (Lembo, 1969, p.129). Dit is nie intelligensie wat meebring dat 'n kind strukture kan vorm nie, maar ervaring (Sealy & Gibbon, 1966, p.8). Hierdie feit word onderskryf deur ondersoeke waarin bevind is dat 'n groter korrelasie bestaan tussen konsepvorming en ervaring as tussen konsepvorming en IK (Lembo, 1969, p.128). Insig is dus direk afhanklik van vorige ervaring, en hoe groter die insig is, hoe suksesvoller is die leerproses (Gouws, 1967, p.26).

Die denkproses

'n Aansienlike deel van die mens se lewe word beset deur dinge wat nie op 'n spesifieke tydstop fisies teenwoordig is nie. Dit vereis die voorstelling van objekte, ervarings en situasies in die bewussyn. Hierdie voorstellingsaksie word denke genoem (Vrey, 1979, p.159). Leer is dus ondenkbaar sonder denke. Uit er-

varing weet ons dat die kind voorstellings kan maak en uiteindelik abstrak en krities kan dink. Die gevorderdheid van die denkproses by die kind is egter afhanklik van 'n spesifieke stadium van ontwikkeling.

Piaget het tot die gevolgtrekking gekom dat daar drie stadia (Piaget, 1972, p.49-61) in die denkproses van die skoolgaande kind onderskei kan word. Wadsworth (1978, p.181-189) in sy ontleding van Piaget se stadia met die oog op praktiese aanwending in die klaskamer, onderskei egter vier stadia. Die eerste stadium in die denkproses noem Piaget die pre-operasionele stadium (kleuter tot ongeveer 6 jaar). In hierdie stadium is die kind se denke sterk egosentries gerig. Hy ervaar en vertolk die wêreld deur middel van sy eie fisiese handeling (Wadsworth, 1978, p.181). Hy wil die wêreld manipuleer deur middel van aksie (Bruner, 1963, p.34). Denke vind intuïtief en in terme van beeldvorming plaas (Vrey, 1979, p.337). Dit is ook die stadium waar die kind fantaseer en in 'n verbeeldingswêreld leef. McDonald (1979, p.57) noem dit dan ook die magiese fase. Die kind aanvaar nou alledaagse gebeure naas fantasieë sonder om tussen die twee wêrelde te onderskei (McDonald, 1979, p.58).

Die tweede stadium (6 tot 11 jaar) word deur Piaget genoem die stadium van konkrete denke. Nou kom die kind nie meer tot 'n gevolgtrekking deur middel van probeer-fouteer nie (Bruner, 1963, p.36), maar sy denke is nog steeds gekoppel aan die hier en nou van sy ervaring. By aanvang van hierdie stadium is die kind se denke uitsluitlik afhanklik van dit wat hy direk kan waarneem. Daar is wel 'n klein mate van omkeerbaarheid in denke moontlik (Richmond, 1970, p.39)

en hy kan logika gebruik om konkrete probleme op te los (Wadsworth, 1978, p.19). Die uitdrukking van denke in hierdie stadium is beskrywend van aard. Hy is dus in staat om voorwerpe, verskynsels en ervarings binne sy konkrete leefwêreld te beskryf (Vrey, 1979, p.116).

Teen die elfde jaar begin denke en redenering direkte waarneming oorheers, maar die bron waaruit kennis geput kan word, is nog steeds net direkte ervaring. Hy is nog steeds nie in staat om kennis uit abstrakte materiaal te verwerk nie (Wadsworth, 1978, p.182). Hy is wel in staat om struktuur te gee aan dinge wat hy beleef, maar is nog nie in staat om moontlikhede wat nie direk aanwesig is, of wat hy nie self ervaar het nie, sinvol te verwerk nie (Bruner, 1963, p.37). Hy kan dus nog nie hipotetiese probleme wat in geheel verhaal is, oplos nie (Vrey, 1979, p.116).

Wadsworth onderskei 'n tussenstadium of oorgangstydperk tussen konkrete en formele denke en dit duur van ongeveer die twaalfde tot die veertiende jaar (Wadsworth, 1978, p.182). Hallam het egter bevind dat die meerderheid leerlinge tot op ongeveer sestiende jaar nog op die vlak van konkrete denke opereer (1970, p.168).

Daar moet dus aanvaar word dat die kind in hierdie oorgangstadium kan begin om denke te formuleer wat op simboliese weergawes gebaseer is, maar dat die denkproses meer suksesvol sal wees as dit 'n konkrete basis het.

Die volgende stadium in die ontwikkeling van die denkproses noem Piaget die formele denkstadium (15 tot 18 jaar). Die vernaamste kenmerk van hierdie stadium is die kind se vermoë om te verduidelik in plaas van om net te beskryf. Teen die einde van hierdie stadium is

die kind in staat om hipoteses te vorm, abstrak te redeneer en simboliese materiaal logies te evalueer.

Ontwikkeling van die tyds- en sosialebegrip

Omdat geskiedenis "wat geskied het" in die verlede gebeur het, moet dit direk in verband gebring word met tyd. Hierdie dinge wat gebeur het, moes ook met iemand gebeur het, en daarom het geskiedenis ook direkte make met die mens. Vir die onderrig van Geskiedenis as vak is dit dus ook essensieel om te weet hoe die kind se tydsbegrip en sy sosiale begrip ontwikkel.

Piaget het in die verband ook duidelike fases van ontwikkeling onderskei (Gruber & Vonèche, 1977, p. 154-193 & 547-575). Wanneer die kind na die primêre skool gaan, is hy in die oorgangstadium tussen die pre-operasionele en konkrete denke. Tot op ongeveer 9 jaar is daar by die kind 'n nuwe tydsbeleving. Die kind leef in die hede maar daar bestaan al toekomsverwagtinge, byvoorbeeld 'n komende verjaarsdag. Hy het getalle leer optel en kan die horlosie en kalender gebruik. Hy is ook bewus van biologiese tydsverskille. Ruimte en tyd is egter nog ongedifferensieer. Op hierdie stadium is die kind nog suiwer selfgerig in sy sosiale ervaring en nie in staat om gebeure uit 'n ander oogpunt te sien nie. Van die verlede as werklikheid is hy nog onbewus, want in hierdie stadium neig hy nog sterk na die magiese fase en die sprokiesbeleving van "eendag was daar" (Van Jaarsveld & Rademeyer. 1973, p.112,113).

Vanaf ongeveer die negende jaar begin die kind 'n definitiewe tydsweete openbaar. Hy is in staat om die opeenvolging van generasies te verstaan. In hierdie sta-

dium ontstaan ook onbewustelik die eerste behoefte aan historiese kennis, deurdat die vraag na die waarheid van verhale opduik. Die natuurlike gang van die geskiedenis word ook onbewustelik ervaar, want die kind wil nou hê dat 'n storie afgerond moet wees met 'n duidelike begin, middel, en einde. Op hierdie stadium begin die kind ook sy verbeeldingspele aan werklike gebeure koppel. Vroeër dae het hulle byvoorbeeld "cow-boys and crooks" gespeel en vandag is dit "soldaat en terroris" (Van Jaarsveld & Rademeyer, 1973, p.113).

Teen die elfde jaar is die kind ten volle in die konkrete denkstadium. In hierdie stadium is die kind wat sy sosiale ontwikkeling aanbetref sterk groepsgebonde. Horn sê dat die kind op hierdie stadium 'n besondere sterk aangetrokkenheid tot sy portuurgroep toon en hierdie portuurgroep word dan 'n verwysingsgroep waarvan die kind sy eie gedrag kan meet en peil (1979, p.87). Hy besef nou ook dat ander se menings van syne verskil, maar aanvaar nog moeilik dat syne nie die korrekte mening is nie. Nou begin die kind hom ook identifiseer met spesifieke helde. Volgens McDonald (1979, p.67) gee die kind voorkeur aan helde op grond van hulle dapperheid, krag en manlikheid, maar hy begin ook bewondering koester vir die heldedaad wat op innerlike vlak voltrek is. Op hierdie stadium is die kind besonder beïnvloedbaar deur die doen en late van spesifieke helde.

In die oorgangstadium tussen die konkrete en formele denke is daar 'n sterk "ek-belewing" by die kind en daar kom 'n definitiewe skeiding tussen die buite-wêreld en sy innerlike. Hy raak bewus van die kompleksiteit van die wêreld en menseverhoudings.

Hy streef na lewenservaring, maar terselfdertyd is hy nie tevrede met die wêreld nie en staan hy besonder krities teenoor mense (Van Jaarsveld, 1973, p.115). Rationele denke word egter baie sterk beïnvloed deur emosionele voorkeure. In hierdie stadium, wat met puberteit saamval, word die kind vir die eerste keer werklik bewus van sy eie lewensgeskiedenis en kom hy onder die besef van die tydelikheid van sy lewe en alle lewe. Dit is 'n tydperk van soeke na waardes en vrae oor die begin en einde van dinge en die sin en doel van die lewe.

In die stadium van formele denke is die kind in staat tot hipotetiese denke en beredenering van kennis. Hy is in staat tot historiese begripsvorming en kan abstrakte besonderhede integreer tot 'n sinvolle geheel. Hy is ook in staat om die tydslyn en tydsruimtes te oorsien en in te deel (Alilunas, 1969, p.371). Hy is minder krities teenoor sy medemens en meer bereid tot beredenering en die aanvaarding van ander se standpunte.

Die leerproses en leergereedheid met betrekking tot Geskiedenisonderrig

Uit die voorafgaande bespreking is dit begryplik waarom sommige historici en onderwysers die opvatting huldig dat Geskiedenis nie op skool onderrig behoort te word nie. Daar is 'n groep historici wat glo dat Geskiedenis nie voor adolessensie onderrig moet word nie, omdat dit 'n vak is wat volwassenheid van denke en oordeel vereis waaroor 'n jong kind geensins kan beskik nie (Horn, 1979, p.88). Die jong kind word gekonfronteer met gebeure, morele dilemmas, motiewe en gevolgtrekkings wat as dit getoets word aan die kennis wat

ons het van die kind se denkproses en tyds- en sosiale begrip, beslis buite sy leef- en betekeninswêreld val.

Tog gaan Bruner (1963, p.33) van die veronderstelling uit dat enige vak effektief op 'n redelike intellektuele vlak aan enige kind op enige ontwikkelingsvlak onderrig kan word. Opvoedkundiges soos Alilunas (1969), Jarolimek (1969), Chambers (1971) en Krug (1969, aangehaal deur Clegg & Schomburg) ondersteun hierdie stelling vir sover dit die onderrig van Geskiedenis aanbetref. Die probleem lê volgens hulle nie by die vak as sodanig nie, maar by die metode waarvolgens dit onderrig word. Indien die metode dus aangepas word by die ontwikkelingsvlak van die kind en by die natuurlike wyse waarop die leerproses geskied, kan Geskiedenis suksesvol aan enige kind onderrig word. Opvoedkundiges en historici huldig egter uiteenlopende menings oor wat die beste metode sou wees om Geskiedenis sinvol te onderrig. Om werklik vas te stel wat die beste metode behoort te wees, is dit noodsaaklik om die leerproses sistematies te ontleed en dan te bepaal watter van die verskeidenheid metodes wat deur opvoedkundiges aanbeveel word en deur onderwysers in die praktyk toegepas word, die meeste hoop op sukses het.

Uit die teoretiese besinning oor die leerproses is dit duidelik dat die eerste stap in die leerproses waarneeming is, wat plaasvind nadat die kind doelbewus besluit het om sy aandag aan iets te skenk. Met ander woorde hy was gemotiveer om te leer.

Die eerste stap in die onderrig van Geskiedenis moet dus wees om die kind se spontane aandag te verkry. Hy moet dus gemotiveer word om Geskiedenis te wil leer, want "There will be no learning without adequate motivation. Nothing is more certain" (Seally & Gibbon,

1966, p.13). Om aandag te gee, is 'n vorm van gedrag en gevoel is begeleidend van alle gedrag (Vrey, 1979, p.42). Hierdie gevoel dien dan weer as motivering vir 'n bepaalde optrede of gebrek aan optrede. As die kind dus 'n positiewe gevoel teenoor Geskiedenis het, sal hy intrinsiek gemotiveer wees om aandag te gee, maar 'n negatiewe gevoel teenoor die vak, bring 'n gebrek aan belangstelling, en dus ook 'n gebrek aan aandag mee. Die onderrig van Geskiedenis moet dus 'n aanvang neem met die kweek van liefde vir die vak.

Die gesindheid teenoor 'n vak staan egter weer in direkte verband met die sukses wat daarmee bereik word. Indien leer suksesvol is, word die vak met 'n gevoel van tevredenheid geassosieer en word 'n gevoel van toegeneentheid teenoor die vak ontwikkel (Derville, 1966, p.7). Die beste metode waarop liefde vir 'n vak gekweek kan word, is dus om die vak so te onderrig dat begrip en insig maklik verkry kan word en die kind derhalwe die leer daarvan met 'n aangename ervaring sal assosieer.

Geskiedenis moet van die begin af met genot geassosieer word. Die gebruik van hulpmiddels soos, films, skyfies, prente, ens, is slegs gerig op korttermynbelangstelling en bring ook net oppervlakkige motivering mee, wat uiteraard nie langdurig is nie (Bruner, 1963, p.72). Oor-gebruik van oudio-visuele hulpmiddels lei dikwels tot passiewe aandag en leer vind dus glad nie plaas nie.

'n Seker wyse om spontane aandag te verkry, is om gebruik te maak van 'n kind se natuurlike liefde vir 'n storie. Strydom sê dan ook in die verband "The degree in which the teacher succeeds in kindling love for his-

tory in his pupils may be in direct ratio to his ability to tell a story" (1969, p.21).

Die tweede fase in die leerproses is die vorming van konsepte, waardeur die leerstof sinvol begryp word. Indien belangstelling in 'n leerproses behou wil word, moet konsepvorming plaasvind, want onbegrip lei tot frustrasie, en frustrasie tot 'n verlies aan belangstelling (Derville, 1966, p.85). Twee belangrike aspekte tree hier navore, naamlik dat die kind se denke tot ongeveer die veertiende, of selfs die sestiende jaar, grootliks gerig is op konkrete ervaring, en tweedens dat vorige ervaring voorvereiste vir konsepvorming is.

In navolging van Pribram se stelling" ... the brain is built to work with pictures... learning through image-making is equally potent" (1969, p.200) heg Geskiedenisonderwysers huidiglik besonder hoë waarde aan die konsepvormende waarde van visuele hulpmiddele. Dit is wel so dat 'n konsep makliker gevorm word as dit aan 'n visuele beeld gekoppel word, maar die oproep van 'n beeld beteken nie noodwendig dat 'n konsep gevorm is, of dat 'n kennisstruktuur waarby die nuwe ervaring geïntegreer kan word, aanwesig is nie. Daar is reeds aangetoon dat die konsep nie vir die kind gevorm kan word nie, hy moet dit self doen. Die feit dat hy met behulp van meer sintuie waarneem, beteken nie noodwendig dat hy in totaliteit betrokke is by die waarneming nie. Vrey stel dit duidelik dat sintuiglike waarneming alleen nie voldoende is nie. Waarneming wat tot konsepvorming moet lei en 'n blywende ervaring moet word, moet met emosionele betrokkenheid gepaard gaan (1979, p.44,119). Van Jaarsveld onderskryf ook hierdie sienswyse:

"Die onderwyser moet die feite in die gees van die kind in-"prent" ... (maar) ... 'n beeld is iets wat beleef moet word. Slegs beleefde werklikheid is ver-teerde werklikheid. Dit moet tot sy eie ervaring ge-maak word. Sonder belewing van die verlede kan dit nie gebeur nie. Gebeur dit nie, kan die leerlinge ook nie die feite onthou nie" (1966, p.58). Belewing veronder-stel altyd emosionele betrokkenheid (Vrey, 1979, p.44). Die onderwyser moet dus 'n vorm van waarneming daarstel waarby die kind emosioneel betrokke sal raak.

Die veronderstelling dat nuwe kennis op vorige ervaring gebaseer moet word, lei dikwels tot die wanbegrip dat as die kind die voorafgaande werk "ken" hy die nodige kennisstruktuur opgebou het om nuwe konsepte te huis-ves. Feite kan egter gememoriseer word sonder dat dit begryp word en vir 'n kort tydperk daarna geredelik herroep word (Chambers, 1971, p.41). Die ken van die vorige dag se Geskiedenisfeite beteken dus nie dat die kind oor die vorige ervaring beskik waarby hy nuwe feite sinvol kan integreer nie.

Die vraag ontstaan dus nou of dit hoegenaamd moontlik is dat die kind konkrete ervaring waarby hy in sy tota-liteit betrokke is met betrekking tot geskiedenis kan opdoen. Omdat 'n geskiedkundige gebeurtenis eenmalig en onherhaalbaar is, moet ons tevrede wees om die kind deur middel van plaasvervangende ervaring by die leer-taak betrokke te laat raak.

Dray & Jordan (Traill, 1972, p.210) en Brit en Nichol is van mening dat dit gedoen kan word deur Geskiedenis te benader as 'n "voyage of discovery" (1975, p.4). Hierdeur word die kind in aanraking gebring met die fisiese oorblyfsels van die verlede, deur besoeke aan slagvelde, museums, historiese geboue, ens. Sulke op-

voedkundige uitstappies het egter fisiese beperkings in die vorm van afstand, tyd en finansies. Verder is dit ook moeilik om veral laerskoolleerlinge emosioneel aangetrokke tot die historiese oorblyfsel te laat voel.

Dramatisering word oor die algemeen as die mees effektiewe metode bestempel om emosionele betrokkenheid by die historiese gebeure te bewerkstellig. Brit en Nichol skets die leeraksie deur middel van dramatisering as volg: "By associating with the position of figures in history the pupils are drawn into a form of understanding and an insight into character and motivation which might otherwise be denied them. Recall is helped both by pupil's identification with the topic and by enhanced understanding, because the pupils have themselves created a realistic historical situation and can thus grasp in their own terms what happened (1975, p.7). Dit is egter nie moontlik om alle leerstof in die Geskiedenisleerplan te dramatiseer nie, hoofsaaklik weens 'n gebrek aan tyd. Verder het dramatisering ook nog die nadeel dat die kind bewus kan bly van sy "gehoor" en dié se goed- en afkeuring, en hom daarom nie ten volle inleef in die belewing van die gebeure nie.

Baie sterk klem word in die moderne onderwys op navorsing as metode om historiese konsepte te kweek, gelê. Opvoedkundiges soos Van Jaarsveld (1973, p.138), Jooste (1978, p.221) en Van der Merwe, (1981, p.49) beskou dit as van die beste metodes om konsepvorming te weeg te bring, omdat die kind nou self in die verlede delf en so konkrete ervaring opdoen.

Die gevaar bestaan egter dat hierdie "navorsing", 'n blote versameling van feite gaan word wat geensins bydra tot die vorming van 'n historiese konsep of verkryging van insig nie. In sy werk Children's Literature in the Curriculum gee Dewey Chambers 'n insiggewende weergawe van sy eerstehandse kennismaking met die soort "navorsing" in die primêre skool, wat gehandel het oor die oopstelling van die Weste van Amerika in die 1840's en 1850's. Die selfstudietaak is voorafgegaan deur klaskamerversiering gerig op die onderwerp. "The setting was ideal. The subject was exciting. The children were eager to be off on a exciting adventure of learning." Hy vertel hoe hy uitgesien het daarna om die spesifieke klas van tyd tot tyd te besoek om as professor in Opvoedkunde in die praktyk te kon ervaar hoe 'n suksesvolle leerproses plaasvind: "...to watch these children develop concepts and generalizations, to learn about themselves and others through the vehicle of an exciting social studies unit." Maar by sy terugkeer 'n paar weke later, vind hy 'n atmosfeer van doodsheid in die klaskamer waar die kinders hard besig was om inligting volgens 'n opvoedkundig aanvaarde metode in te samel. Ten einde sy ont-nugtering te begryp, is dit nodig om hom woordeliks aan te haal: "The students took turns reading about the wagon train and its westward trek. The children seemed to be waiting for a spark of adventure or a vignette that would add people, real problems, identification. I certainly was. But the wagon wheels laboriously rolled along. Finally the reading reached a sentence that ended "...and they crossed the river." Somehow my mind stopped at that point" ...and they crossed the river". Is that all they are going to say about this? What about the preparation, the problem solving, the

danger, the creative use of available material, the "American knowhow", the sweat and the fear, the execution of the task, the elation after the completion of the task. What about the people? How did they feel? What was their reaction? This westward movement was more than just a historical event. People were involved.

If we are going to help children understand about man and his physical and social environment, man should be part of the study, not just what he did. This was what I was missing. There was no opportunity for emotion here. It was all intellectual fact. The entire issue of emotion as a part of the learning process was missing. There was no chance to identify with these people who develop our land. They as people were not involved in the textbook... This was a one-dimensional look at some events that led to the opening of our Western United States. This was nothing but fact, the lowest level of learning. This was material tailor-made for forgetting" (1971, p.39,40).

Die vraag ontstaan dus nou of dit hoegenaamd moontlik is om 'n plaasvervangende ervaring aan die kind te kan verskaf waarby hy ten volle betrokke kan raak. In die voorwoord tot Child Development through literature verklaar die redakteurs: "Emotional involvement other than that attained through first hand experience, is made possible only through the intense perceptions and narration of the literary artist" (Landau, 1972). Hierdie stelling kan direk van toepassing gemaak word op die rol wat die historiese verhaal in die onderrig van Geskiedenis kan en moet speel. Die historiese verhaal is die enigste medium waardeur die kind onbelemmerde

plaasvervangende ervaring kan beleef. "Books can transport children to other times and other social settings" (Chambers, 1971, p.42). Ook Mildred Dawson beklemtoon die belangrikheid van die verhaal in Geskiedenisonderrig: "...literature causes the basic teaching of the social studies to be absorbed or assimilated. ...insight may result from living with characters" (1969, p.432, 433).

Deur die lees van die verhaal identifiseer die kind hom met die karakters (Arbuthnot, 1969, p.450). Die belangrikheid van hierdie proses van identifikasie word deur Derville so opgesom: "To identify yourself with another person means to feel in your imagination that you are so closely linked with that person that you share his experience" (1966, p.91). Omdat die kind hom dus in die plek van een of meer van die karakters stel en die gebeure sy eie persoonlike belewenisse word, voorsien die historiese verhaal en die biografie die broodnodige realiteit in die abstrakte geskiedenisfeite. Die mense is nie meer figure in 'n verband tot name en datums nie, maar persoonlike vriende of vyande wie se ervarings en doen en late lewende werklikhede is. Dan word Geskiedenis nie die aanleer van feite, en dus 'n intellektuele ervaring nie, maar die persoonlike belewing van die feite en gebeure. Omdat die kind dit uit sy persoonlike ervaringskat gaan put wanneer terugroeping vereis word, gaan hy hierdie feite soveel beter en langer onthou.

Die ervarings wat deur middel van die lees of voorlees van die historiese verhaal opgedoen is, kan dus as struktuur dien waarby nuwe leerstof sinvol geïntegreer kan word ten einde konsepvorming te vergemaklik. W. Loban (Chambers, 1971, p.147) het egter bevind dat

die kind nie uit die staanspoor in staat is om self die verband tussen die ervaring opgedoen in 'n verhaal en die nuwe leerstof in te sien nie. Ook Meckel beklemtoon die belangrikheid daarvan dat die lees van fiksie aangevul moet word met die besprekingsmetode. "Through discussion the teacher can lead pupils to perceptions and discoveries that they are not likely to apprehend or understand without guidance" (1963, p.997). Die belangrikheid van die onderwyser as leier in hierdie metode van onderrig word deur Chambers as volg uiteengesit: "A book by itself in the hands of a child is not as potent an instrument for learning as is a book aided by a teacher who knows the fine art of teaching" (Chambers, 1971, p.150). Die onderwyser moet egter daarteen waak dat hy nie deur oorbeklemtoning van die besprekingsmetode die kind die genot van lees ter wille van die verhaal self, ontnem nie.

Enige metode van onderrig in Geskiedenis is vir sukses afhanklik van die totaliteitsbetrokkenheid van die kind by die leerstof. Hierdie betrokkenheid sal net verkry word deur die aanwending van die historiese verhaal, waar die gebeure deur middel van die kind se identifikasie met 'n karakter sy konkrete beleving kan word.

Alle metodes van Geskiedenis onderrig moet dus begelei word deur, of aangevul word met die gebruik van die historiese verhaal. Sodoende word Geskiedenis nie net 'n sosiale wetenskap wat te doen het met die basiese behoeftes van die mens, naamlik voedsel, kleding en veiligheid en die gebeure wat direk uit die verkryging hiervan voortspruit nie, maar 'n humanitêre wetenskap wat die mens in sy ware menswees bestudeer (Jarolimek, 1969, p.402).

Ten slotte kan tot die gevolgtrekking gekom word, dat die ongewildheid van Geskiedenis as skoolvak teengewerk kan word deur die gebruik van die historiese verhaal en die verhalende biografie in die onderrig daarvan. Deur die kind se natuurlike liefde vir 'n storie kan sy spontane aandag verkry word. Omdat die geskiedenisgebeure deur identifikasie sy persoonlike ervarings word, verkry die kind insig en word kennisstrukture gevorm waarby nuwe werk sinvol geïntegreer kan word. Dan word Geskiedenis nie die memorisering van name en datums nie, maar sinvolle meelewing. En die geleentheid om emosioneel betrokke te raak by die idees, gedagtes, probleme en ervarings van ander, help die kind om ander volke en kulture in die verlede sowel as die hede beter te verstaan en te respekteer.

Dit is egter belangrik dat die onderwyser 'n aktiewe rol speel wanneer die historiese verhaal as metode gebruik word. Deur sinvolle vrae moet die kind gelei word tot oordrag en moet daar gewaak word teen te veel veralgemening, sodat die kind nie sonder meer aanvaar dat alles gebeur het soos wat dit in die historiese verhaal plaasgevind het nie. Deur die keuse van die beste verhaal, deur voor te lees, of te laat lees, kan die onderwyser die verhaalstof laat aanpas by die stadium van denkontwikkeling van elke kind.

Die historiese verhaal kan ook as basis vir die self-studieprojek dien. In Musket and garden hoe doen Juliet Marais Louw 'n waardevolle wenk in die verband aan die hand. In die slotwoord getiteld "Is this story true?" wys sy die leser daarop dat sekere karakters en gebeure berus op historiese feite, maar dat die ander suiwer produkte van haar verbeelding is. Na die lees

van 'n historiese verhaal kan die leerling dus aangemoedig word om self navorsing te doen om vas te stel watter gebeure werklik waar is en watter nie. Indien verhale oor dieselfde onderwerp die historiese feite verskillend vertolk, kan die leerling selfs aangemoedig word tot primêre bronnnavorsing ten einde vas te stel watter verhaal die naaste aan die waarheid kom.

Om die historiese verhaal in die onderrig van Geskiedenis tot sy volle potensiaal te benut, is dit nodig dat die onderwyser kennis moet dra van die historiese verhaal as letterkundige kunsvorm in al sy beperkinge en moontlikhede. Daarom word in die volgende hoofstukke aan die vereistes waaraan die historiese verhaal as kunsvorm moet voldoen aandag gegee en word ook aangedui watter verhale en biografieë oor elke tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskikbaar is.

H O O F S T U K 3

DIE HISTORIESE VERHAAL AS LETTERKUNDIGE GENRE

3.1 Inleiding

Die term historiese verhaal dui op 'n tweeslagtigheid. Aan die eenkant is daar die historiese en aan die anderkant die verhalende aspek. Die vraag ontstaan nou noodwendig watter van hierdie aspekte die sterkste klem behoort te dra. Indien die beginsel van doelwitbepaling toegepas word, lyk dit asof die verhalende aspek die sterkste klem moet dra. Die hoofdoel by die skryf van 'n historiese verhaal is gewoonlik nie om geskiedenisfeite in leesbare vorm weer te gee nie, maar om 'n verhaal te vertel. Die wyse waarop die skrywer die tydsaspek binne die verhaal hanteer, naamlik om dit in 'n bepaalde historiese tyd te laat afspeel, maak van 'n verhaal 'n historiese verhaal. Hierdie verhaal moet in die eerste plek aan die standaard van 'n goeie kinder- en jeugverhaal beantwoord om as 'n goeie historiese verhaal bestempel te word. Lillian Smith verwoord dit so: "The qualities which are basic in good writing are literary values: that is, they do not concern the subject matter so much as how it is presented. It is the art that gives the value and not the material" (1953, p.35). Daar is sekere basiese standaarde waaraan 'n kinderverhaal moet beantwoord en 'n duidelike begrip van die grondbeginsels van 'n goeie kinder- en jeugverhaal is nodig voordat 'n verhaal as historiese verhaal beoordeel kan word.

3.2 Agtergrond waarteen die verhaal afspeel

Enige verhaal moet 'n geografiese en tydgebonde agtergrond hê waarteen dit kan afspeel. Die geografiese gebondenheid van die verhaal kan van 'n hele land tot 'n enkele vertrek wissel. Die tydsgebondenheid kan die hede, die toekoms of die verlede wees en die tydsverloop kan oor dekades strek of tot 'n enkele gebeurtenis beperk wees.

Die agtergrond waarteen die historiese verhaal afspeel, is die verlede. Die skrywer rekonstrueer, deur middel van karakters en gebeure, die lewe in 'n spesifieke tydperk in die verlede. Die geslaagdheid van die historiese verhaal hang dikwels juis van hierdie aspek af. Die vernaamste verskil tussen 'n goeie of geslaagde historiese verhaal en 'n swak verhaal is geleë in die verskil tussen 'n skrywer wat in die verlede 'n interessante storie vind om te vertel en dit dan deur karakters tot lewe bring, en 'n skrywer wat reeds 'n idee vir 'n verhaal het en dan na 'n interessante tydperk soek om dit in te laat afspeel om dit sodoende meer trefkrag te gee (Smith, 1953, p.168). Die verskil is dus daarin geleë dat alhoewel albei skrywers skepend te werk gaan, die eerste verhaal werklik 'n historiese verhaal is, terwyl die tweede 'n verhaal is wat in die verlede afspeel. In die eerste verhaal word die atmosfeer van die tydperk vasgevang, in die tweede verhaal is die kleredrag, taal en agtergrond die verlede, maar die karakters lééf nie werklik in die verlede nie. Aan die eenkant is daar dus die fyn balans tussen geskiedenis en fiksie, die vasvang van die gevoel en atmosfeer van 'n tydperk. Aan die anderkant word 'n konvensionele storie teen die agtergrond van die verlede geprojekteer. Die verhaal word vertel in plaas van beleef (Smith, 1953, p.175).

Skrywers en kenners van historiese verhale is dit eens dat om die historiese verhaal te laat slaag die skrywer nie net 'n deeglike kennis van die agtergrond moet hê nie, maar dat hy één met die historiese agtergrond moet word. "To write about the people of any time, one must know them so well that it would be possible to go back and live undetected among them", verklaar Mollie Hunter (aangehaal deur Arbuthnot, 1977, p.369). "The historical novelist does not merely acquire information about the past, but absorbs it into his mind. Atmosphere comes out into his books as the overflow of a personality that has made a peculiar appropriation of history. It comes as part of the man himself" (Butterfield, 1924, p.107). Wanneer 'n skrywer so deel geword het van die agtergrond waarteen sy verhaal afspeel, skryf hy nie meer oor 'n tydperk nie, maar vloei sy verhaal uit die historiese milieu. "Rather than writing from outside looking in one will write from inside looking out" (Mollie Hunter, aangehaal deur Arbuthnot, 1977, p.369). Wanneer die skrywer so te werk gaan, sal die hele verhaal die gees en atmosfeer van die tydperk waarin dit afspeel, adem.

Dit beteken egter nie dat 'n historiese verhaal net geslaagd is wanneer dit op werklike gebeurtenisse berus en oor persone handel wat werklik geleef het nie. Die skrywer kan die karakters sowel as die gebeure uit sy verbeelding skep - dit is immers die essensie van fiksie - maar hierdie karakters moet nie slegs teen 'n historiese agtergrond geplaas word nie, hulle moet in die tydperk lééf.

Die idee met die skryf van 'n historiese verhaal moet nie wees om geskiedenis in versuikerde vorm aan te bied nie. Die skrywer het in die eerste instansie 'n ver-

haal om te vertel, maar omdat sy verhaal uit die verlede vloei, of omdat hy dit doelbewus teen die agtergrond van die verlede plaas, aanvaar hy daarmee die beperkinge wat hierdie verhaalvorm aan hom stel. Wat hierdie beperkinge behels, word duidelik deur Helen Haines uitgestippel: "It is true that in its nature the historical novel is fiction, not history: a work of imagination, not a record of fact. It seeks to recreate, not to transcribe; and the novelist is free to choose any subject that interests him and to write about it from any point of view that he wishes to take. But it is also true that he is under certain obligations to historic fact. He may transpose time or reshape minor events to fit into his plot scheme; but he may not falsify history's fundamental record" (1942, p.114-115). Die Rooi Arend deur P.C. Coetzee dien as goeie voorbeeld van 'n verhaal waar die skrywer die beperkinge van die historiese verhaalvorm geïgnoreer het en historiese feite vervals het. In hierdie verhaal word W.A. van der Stel op grond van 'n klagskrif deur die sekunde, Jean du Bois van sy goewer-neurspos onthef, terwyl die korrekte historiese feite is dat die klagskrif deur die vryburgers opgestel is en dat die sekunde, Elsevier, ook uit sy pos ontslaan is.

Skrywers van historiese verhale kom dikwels voor die moeilike keuse te staan, om óf die feite letterlik akkuraat weer te gee, en daardeur aan atmosfeer en intrige in te boet, óf om gebeure te selekteer en te her-rangskik ter wille van 'n treffender verhaal, maar met die moontlike inboet van historiese akkuraatheid. Die oplossing van hierdie probleme lê waarskynlik in James Smith se definiëring van historiese akkuraatheid (1967, p.144). Hy onderskei tussen letterlike akkuraatheid en

globale akkuraatheid. Die skrywer hoef nie akkuraat te wees ten opsigte van die fynste besonderhede nie, maar hy moet getrou wees aan die gees van die gebeurtenis en die tydperk. Deur oordeelkundige seleksie van feite en die herskep van gebeure soos wat die skrywer glo dit werklik onder sulke omstandighede kon gebeur het, kan 'n spanningsvolle verhaal, getrou aan die gees van die tyd geskep word. In Die Kinders en die veldkornet wat hoofsaaklik op outentieke gegewens gebaseer is, skep Pieter W. Grobbelaar vir die hoofkarakter 'n fiktiewe nooientjie ten einde Rooi Flip se kwesbaarheid beter te verbeeld. Dit is nie slegs aanvaarbaar nie, maar juis noodsaaklik omdat die verhaal daardeur 'n besondere emosionele dimensie verkry.

Globale historiese akkuraatheid kan egter nie tot buite die perke van aanvaarbaarheid gerek word nie. In Die droster van Drakenstein laat Coen Gerber sy hoofkarakter, Estienne Barbier, ontsnap voordat hy tereggestel kon word. Dit sou aanvaarbaar kon wees, mits hy op oortuigende wyse 'n ander slagoffer in die plek van Barbier sou laat sterf, aangesien dit 'n historiese feit is dat Barbier wel tereggestel is. Soms is dit egter moeiliker om te oordeel of globale akkuraatheid, met ander woorde, die beginsel van "dit kon so gebeur het", nie te vër gevoer is nie. In Spore uit fort Sandenburg deur Nanda Pauw word een van die jeugkarakters deur Hottentotte ontvoer en word hy agtergelaat wanneer die ander skipbreukelinge van die Nieuw Haerlem na Holland terugkeer. Danksy die hulp van bevriende Hottentotte oorleef hy aan die Kaap totdat Jan van Riebeeck en sy geselskap vier jaar later 'n verver-

singspos kom stig. Enersyds is dit moontlik dat dit so kon gebeur het, andersyds is dit onwaarskynlik dat Jan van Riebeeck so 'n uitsonderlike gebeurtenis nie in sy dagjoernaal sou aanteken nie. Derhalwe moet aanvaar word dat ook in hierdie geval die perke van globale akkuraatheid oorskry is.

Aan die eenkant moet die historiese verhaal nie gesien word as 'n geskiedenis-handboek in storievorm nie, maar aan die anderkant moet die historiese feite nie verdraai word ter wille van die verhaalelement nie. 'n Fyn balans moet gehandhaaf word tussen historiese akkuraatheid, spanningslyn en verhalende element. Slegs dan sal die skrywer van 'n historiese verhaal in staat wees om 'n wêreld te skep waarmee die leser hom in so 'n mate kan identifiseer dat dit voel dat hy self daar teenwoordig was. Die skrywer slaag alleen daarin om hierdie fyn balans te handhaaf wanneer hy hom so in die historiese tydperk inleef dat hy vryelik daarin kan beweeg, ten volle bewus van die onderstrominge en motiewe agter elke handeling en die invloed daarvan op die mens. Dan kan hy karakters skep wat nie noodwendig geleef het nie en hulle ervarings laat beleef waarvoor daar nie dokumentêre bewys hoef te wees nie. Dit sal historiese akkuraat wees, omdat dit werklik so kon gebeur het.

3.3 Karakters

"History is people... This is the sum of all my research; this is the basis of everything I have learned about the historical novel." Hierdie uitspraak deur Mollie Hunter (aangehaal deur Arbuthnot, 1977, p.369) plaas die karakters onmiddellik sentraal in die historiese verhaal. Geskiedenis is mense, want sonder mens-

like handelinge sou daar geen geskiedenis wees nie. Maar juis omdat geskiedenis deur mense leef, stel karaktertekening besonder hoë eise aan die skrywers van historiese verhale. Dit is dikwels die gebruik om die atmosfeer van 'n tydperk uit te beeld deur die verskillende karakters as bepaalde tipes uit daardie tydperk uit te beeld. Dit is aanvaarbaar, mits hierdie karakters nie tipes bly nie. Hulle moet mense van vlees en bloed word, "... someone to know, someone we can know" (Smith, 1953, p. 166). Elke karakter moet uniek wees en lewensgetrou, met menslike swakhede en emosies uitgebeeld word. Karaktertekening moet nie deur woorde nie, maar deur handelinge geskied, en elke handeling moet weer vanuit die karaktereienskappe gemotiveer kan word. Volgens dr. E. Steenberg (1981, p.22) is dit in 'n verhaal waar die klem op iets anders as die karakters val, nie noodsaaklik dat daar wel karakterontwikkeling of groei móet plaasvind nie, maar die hoofkarakter behoort altyd skakerings van goed en kwaad te vertoon.

Die leser, in hierdie geval die kind of jeugdige, moet hom met een van die karakters kan identifiseer. Daarom is dit die algemene tendens dat die hoofrolle in historiese verhale vir kinders deur kinderkarakters vertolk word. James Smith motiveer hierdie tendens as volg: "The simplest bridge from the child reader to the past, would be childhood itself - the sharing of childhood by the reader and by the characters in his book... In such books the child hero or heroine is a leading actor in the historical drama, and so to the child reader is giving the feeling of being one too, or at least of occupying a front row seat" (Smith, 1967, p. 141, 143).

Die hoofkarakter in die jeugboek moet om dieselfde redes verkieslik 'n jeugdige wees. Gewoonlik is kinderkarakters in 'n jeugboek onwelkom, want die tiener staan nog te naby sy eie kindertyd om 'n objektiewe waardering vir kinders te hê (Steenberg, 1981, p.21).

Die behoefte om in kinderhelde en heldinne te voorsien, wek soms die indruk dat die verloop van die ganse wêreldgeskiedenis deur kinders en jeugdiges bepaal is. 'n Skrywer moet ook oor buitengewone manupilasievermoë beskik om sy kinderheld altyd op die regte tyd op die regte plek teenwoordig te laat wees, en hom terselfdertyd ook as geloofwaardige karakter uit te beeld.

Daar is egter metodes waarmee die vindingryke skrywer hierdie probleem kan oorbrug. Die intrige kan so ontwerp word dat die historiese gebeure nie die kernkonflikpunt is nie, maar dat hierdie gebeure in die invloed wat dit op die karakter of sy familie se lewens het, gereflekteer word. In Boy of two worlds deur Juliet Marais Louw word Jannie Louw betrek by die stryd tussen W.A. van der Stel en die vryburgers as gevolg van die konflik wat dit in sy familiekring teweegbring.

Die kinderhoofkarakters kan ook deur diere vervang word. Antropomorfisme (die vermensliking van diere) word op 'n uiters geslaagde wyse deur Robert Lawson aangewend in sy Ben and Me, waar Amos, Benjamin Franklin se muismetgesel die hoofkarakter is, en in sy Mr. Revere and I, waar Paul Revere se perd Scheherazade die hoofkarakter is. In The story of Rory deur Penny Miller maak die leser deur middel van Rory die leeu kennis met die Kaap in die tyd van Simon van der Stel. Ook animisme (toekenning van menslike eienskappe aan nie-lewende objekte) kan met groot vrug

in die historiese verhaal aangewend word, soos in Rachel Field se Hitty, Her First Hundred Years.

Hitty, 'n pop, vertel haar eie lewensverhaal en verskillende gebeure word betrek, omdat Hitty gereeld van eienaar verwissel.

Die kinderleser kan hom wel met so 'n fantasiekarakter identifiseer, juis omdat die kind dikwels die historiese verhaal sien as 'n verlengstuk van feëverhale en legendes (Smith, 1953, p.185). Hierdie identifikasie is egter nog steeds afhanklik van die geloofwaardigheid waarmee die karakters uitgebeeld word. Hulle moet werklik lééf, nie net praat en beweeg nie

Indien karakters werklik geleef het, is dit nodig dat die skrywer 'n bepaalde standpunt moet inneem in die uitbeelding van 'n spesifieke karakter en sy lewe. Eerstens kan die verhaal aangebied word as 'n outentieke biografie. In die outentieke biografie is globale korrektheid nie voldoende nie - letterlike akkuraatheid en behoorlike dokumentasie word vereis. "Under no account has the biographer the right to invent a single fact. He is writing history, not fiction and witnessing under oath" (Maurois, aangehaal deur Fisher, 1972, p.304). Klaarblyklik is dit nie die aangewese vorm vir 'n jeug- of kinderverhaal nie, want hulle is nie soseer geïnteresseerd in 'n feitlike verslag van 'n persoon se lewe nie, maar in die verhaal agter sy lewe, in wat hy gedink, gevoel en gesê het. In die voorwoord van Abraham Lincoln : Friend of the People verwoord Clara Ingram Judson dit as volg: "As I begin writing I saw that life is not a mere tale to be told; it includes talk as well as action. Talk is a kind of

alchemy that brings reality" (Aangehaal deur Huck & Kuhn, p.276).

Aangesien die outentieke biografie deur die kind in dieselfde lig as die vakboek beskou word, moet die skrywer hom dus tot 'n meer aanvaarbare vorm van uitbeelding wend. Hier bied die verhalende biografie* 'n ideale oplossing. Die verhalende biografie moet nog steeds steun op deeglike navorsing, maar die skrywer het dan die vryheid om sy karakter te laat praat, dink en handel, kortom hom te laat lééf soos wat hy glo dit werklik kon gebeur het. Sodoende word 'n méns geskep met wie die leser hom kan identifiseer.

*Die term "fictionalized biography" word in die Engelse literatuur oor die onderwerp verkies. Aangesien geen aanvaarbare vertaling in Afrikaans gevind kon word nie, is die beskrywende term "verhalende biografie" gekies. Die term verhalende biografie word slegs gebruik wanneer dit die verhaal van 'n outentieke karakter is. Wanneer die lewensverhaal van 'n fiktiewe persoonlikheid vertel word, word volstaan met die term historiese verhaal of biografiese fiksie.

Die skrywer moet ook besin oor watter aspekte van die karakter se lewe hy in sy verhalende biografie gaan uitbeeld, met ander woorde gaan hy vir sy kinderlesers net die goeie karaktertrekke voorhou of gaan hy alle aspekte wat aansluiting vind by sy tema, uitbeeld. Op hierdie terrein is die kritici van verhalende biografieë in twee duidelike kampe verdeel. Huck en Kuhn gaan van die standpunt uit dat so min as moontlik "on-aangename" feite in die verhalende biografie gegee moet word (1968, p.274). Ook Arbuthnot sluit haar by hierdie standpunt aan deur te verklaar dat dit nie belangrik is of die hele waarheid vertel word nie, maar of dit wat wel vertel word die waarheid is (1969, p.261). Huck en Kuhn gaan self so ver om te beweer dat dit on-gehoord is om verhalende biografieë oor "ongure" karakters soos Hitler en Mussolini vir kinders te skryf (1968, p.274).

Hierdie uitgangspunt is gelukkig nie vir alle kritici van verhalende biografieë aanvaarbaar nie. Edmund Gosse verwerp die beginsel om net die goeie aan kinders voor te hou, omdat dit lei tot die voorstelling van 'n persoon "...as though he spent his whole life standing pressed in a tight frockcoat, with a glass of water at his hand and one elbow on a desk, in the act of preparing to say: 'Ladies and Gentlmen!'" (Fisher, 1972, p.306).

Alhoewel die gebruik van die anti-held as hoofkarakter 'n negatiewe invloed op die kinder- en tienerleser kan hê (Steenberg, 1981, p.22), kan so 'n karakter in die historiese verhaal dien om 'n mate van objektiwiteit te verkry. Kinders en jeugdiges kan historiese gebeure met 'n negatiewe konnotasie, byvoorbeeld oorloë, te maklik as 'n positiewe avontuur ervaar wanneer die ka-

rakters altyd as helde of "goeie" mense aan hulle voor-gehou word. Die sinneloosheid van oorloë en heldedade word besonder goed vergestalt in die anti-held figuur, Gert Verwey, in Tussen twee vlae deur Dan Sleigh.

Kinders en jeugdiges sal hulle slegs met karakters in biografieë en historiese verhale kan identifiseer wanneer hulle as mense, met menslike swakhede, as gevolg waarvan hulle ook mislukkings en terugslae ervaar, uitgebeeld word. Indien so 'n persoon dan bo hierdie swakheid uitstyg, dien sy lewe des te meer vir die jong leser as inspirasie.

3.4 Intrige

In elke verhaal, hetsy avontuurverhaal of realistiese verhaal, moet daar iets gebeur. Vir die kind leef die karakter hoofsaaklik deur handeling, daarom is die intrige van die verhaal vir die kinderleser net so belangrik as vir die speurverhaalverslaafde (Larrick, 1960, p.196).

Die intrige is 'n reeks logies ineengeskakelde gebeure wat volgens 'n sogenaamde spanningslyn verloop. Om momentum aan hierdie spanningslyn te verleen, is 'n probleem of 'n konflik wat deur verskillende interaksies na 'n hoogtepunt oploop, nodig. Die logiese oplossing van die probleem bring dan die ontknoping mee. Hierdie spanningslyn hoef nie noodwendig deur uiterlike spanning of avontuur verkry te word nie, alhoewel Lil-lian Smith beweer dat avontuur 'n absolute voorvereiste vir 'n geslaagde historiese verhaal is (1953, p.167). 'n Persoonlike probleem wat suksesvol oorkom word, of 'n doelstelling wat ten spyte van teenkanting uit verskillende oorde wel bereik word, kan net so 'n meesleu-

rende intrige verskaf. Dat die spanningslyn nie noodwendig uit bloedstollende avontuur hoef te bestaan nie, word beklemtoon deur die gewildheid van realistiese-historiese verhale soos Sita se Uit Juffrou se Dagboek en die Little House-reeks van Laura Ingalls Wilder. Die geslaagdheid van die intrige hang wel af van die tempo waarteen die handelinge plaasvind. Dit is dikwels die gebrek aan tempo wat meebring dat die historiese verhaal skipbreuk lei. Die historiese verhaal speel teen 'n bepaalde agtergrond, in 'n bepaalde tydperk af. Die agtergrond, historiese detail en gebeure, moet op so 'n wyse by die verhaal ingeweef word, dat dit nie die tempo van ontwikkeling versteur nie. Sommige skrywers van historiese verhale voel dat hulle vooraf eers 'n deeglike uiteensetting van die agtergrond moet gee en dan eers kan begin bou aan die intrige, anders hang hulle karakters en gebeure in die lug. Mollie Hunter, wat van hierdie werkwyse gebruik maak, erken egter dat dit nie geslaagd is nie, omdat sy soms briewe van kinderlesers ontvang wat lui: "I liked your story, except for the beginning which I found boring" (aangehaal deur Arbuthnot, 1977, p.383). Die geheim lê waarskynlik in die skrywer se vermoë om werklik deel te word van die tydperk waarin sy verhaal afspeel. Dan sal die agtergrond, karakters en handeling saamgeweef word tot 'n oortuigende wêreld waarin ook die leser hom sal kan inleef. Agtergrond moet met die intrige geïntegreer word, anders is dit of 'n geskiedenis-handboek in verhaalvorm, of 'n avontuur- of realistiese verhaal wat teen 'n historiese agtergrond geprojekteer is.

Soos reeds gestel, kan die historiese verhaal op grond van sy intrige as 'n avontuurverhaal, of as 'n realistiese verhaal getipeer word. 'n Verhaal word ook nie

altyd doelbewus as 'n historiese verhaal geskryf nie. Die verhaal kan as 'n kontemporêre realistiese of avontuurverhaal geskryf wees, maar na 'n bestaan van etlike dekades, kan dit as 'n historiese verhaal bestempel word. In hierdie verband dien Sita se Uit Juffrou se dagboek wat reeds in 1932-33 as vervolgverhaal in Die Huisgenoot verskyn het, as goeie voorbeeld. In werke gebaseer op skrywers se jeugherinneringe kom veral kultuurhistoriese aspekte dikwels sterk op die voorgrond, sonder dat die verhaal doelbewus as historiese verhaal geskryf word, byvoorbeeld Kambro-kind van F.A. Venter.

3.5 Tema

Die tema van die verhaal is die hoofgedagte agter die verhaal, "...the point of telling it" (Arbuthnot, 1977, p.25). Dit is nie voldoende dat die gebeure in 'n logiese spanningslyn saamgebind word nie. Daar moet ook 'n sentrale idee onderliggend aan die gebeure wees. Om werklik op die leser 'n onvergeetlike indruk te maak, moet hierdie idee (tema) 'n algemeen geldende lewenswaarheid bevat, byvoorbeeld dat dit nie altyd die fisies sterke is wat wen nie. Die tema moet nie as 'n losstaande sedeprekie gesien, of gebruik word nie. Die leser sal hom onbewustelik met die dieperliggende lewenswaarheid vereenselwig wanneer dit logies uit die handeling voortvloei.

3.6 Styl

Met styl word bedoel die skrywer se keuse van dialoog, sy rangskikking van woorde en sinne, in kort, sy uitdrukkingswyse. Taalgebruik moet suiwer wees, met aandag aan klank, ritme en die onvervangbare woord. Die

skrywer moet egter waak daarteen dat hy in najaging van 'n goeie literêre styl, nie 'n ivoortoring van woorde bou waarin die leser hom nie kan volg nie (Larrick, 1960, p. 197). Kinders vra direktheid en eenvoud van segging, suiwerheid van opset en geloofwaardigheid van aanbieding binne die konteks van die stof (Steenberg, 1979, p.75).

Die historiese verhaal stel groter eise aan styl as ander verhale, omdat woordkeuse en dialoog nie net by die karakters moet pas nie, maar omdat dit ook histories outentiek moet wees. Die woordkeuse en uitdrukkingswyse moet eie wees aan die tydperk waarin die verhaal afspeel.

3.7 Illustrasies

Anders as in die kleuterverhaal speel illustrasies 'n ondergeskikte rol in die kinder- en jeugverhaal. Illustrasies kan egter 'n besondere bydrae in die historiese verhaal lewer, omdat dit tot die visualisering van die tydperk kan bydra. Hierdie illustrasies moet egter, behalwe om aan die normale artistieke vereistes van balans en eenheid te voldoen, ook histories akkuraat ten opsigte van agtergronddetail, kleredrag, boustyle, ens. wees. Illustrasies moet dus op deeglike navorsing gebaseer wees, anders doen dit eerder afbreuk aan die teks as wat dit tot die skep van 'n oortuigende agtergrond en atmosfeer bydra.

3.8 Slot

Sowel die historiese verhaal as die verhalende biografie kan daartoe bydra om historiese perspektief en begrip vir die sin en doel van die menslike bestaan by

die kind te weeg te bring. Dit kan egter net gebeur wanneer hierdie verhale deur kinders gelees word.

"Leesbaarheid" word bepaal deur 'n lewendige, eenvoudige styl; oortuigende, lewende karakters, insluitende ten minste een waarmee die leser hom kan identifiseer; en 'n vinnig-bewegende, goed saamgestelde intrige wat die leser end-uit sal boei. In die volgende drie hoofstukke sal die beskikbare historiese verhale en verhalende biografië dus ook aan die hand van hierdie standarde beoordeel word om te bepaal of hulle as kinder- en jeugverhale slaag.

H O O F S T U K 4

DIE EERSTE DRIE EEUE: 1488 - 1795. DIE VESTIGING VAN 'N WESTERSE BESKAWING AAN DIE SUIDPUNT VAN AFRIKA

Voorgeskiedenis

Die historiese verhaal kan 'n belangrike rol in die onderrig van geskiedenis speel. Om historiese verhale ten volle as onderrigmiddel te benut, is dit belangrik dat kennis van die beskikbaarheid van verhale vir elke tydperk of gebeurtenis, die historiese akkuraatheid en die leesbaarheid van hierdie verhale gedra word. Derhalwe sal die uitgangspunt in die volgende twee hoofstukke wees om die verhaalmoontlikhede van elke tydperk te belig, tot 'n gevolgtrekking te kom oor die mate waarin die tydperk wel in historiese verhale gedek word en om die beskikbare verhale krities te evalueer ten opsigte van historiese akkuraatheid en letterkundige gehalte.

Daar is op die verdeling in twee hoofstukke besluit op grond van die feit dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis onder bespreking in twee duidelike periodes afgebaken kan word, naamlik die vestigingsjare onder die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, wat die Kaap suiwer as 'n handelsonderneming bestuur het, en die tydperk vanaf 1795 toe die Kaap by die invloedsfeer van Britse imperialisme betrek is.

Gesaghebbende geskiedskrywers is dit eens dat die rol van die Blanke in die geskiedenis van Suidelike-Afrika verder as 1652 teruggevoer moet word en wel na 1488 toe Dias die suidpunt van Afrika omseil het.

Wanneer die Suid-Afrikaanse geskiedenis dus in terme van kinder- en jeugverhaalmoontlikhede ontleed word, moet die ervarings van die Portugese wat hierdie suidelike waters bevaar het as vertrekpunt geneem word. Alhoewel dit vanuit die moderne lewensmilieu moeilik is om te begryp dat kinders en jeugdiges 'n rol te speel gehad het in hierdie tydperk, is dit tog so dat kinders van 12 jaar en selfs jonger, as koksmaats of kajuitjongens op die skepe diens gedoen het.

Hierdie tydperk bied veral moontlikhede vir verhale wat ter see afspeel, maar wat tog geografies gegrond is omdat die seevaarders nie net die land moes aandoen vir vars water nie, maar ook omdat die fisiese omstandighede aan die suidpunt van Afrika 'n direkte invloed op die wel en weë van die seevaarders gehad het. Die Portugese het nie die Kaap om dowe neute Cabo Tormentoso "Kaap van Storms" genoem nie, want die hewige storms wat met tye hier gewoed het, die verraderlike kuslyn en die gebrek aan natuurlike hawens het bygedra tot die reeds omvangryke probleme soos gebrek aan vars voedsel en water, maande op see sonder enige afleiding behalwe oorbekende geselskap en eie gedagtes, en elkeen se geheime vrees vir die onbekende. Hierdie genoemde probleme bied uitstekende verhaalstof vir avontuurverhale waarin die klem op die ontberinge ter see, oorwinning oor storms en bygelowe en konfrontasies met die inwoners van die onbekende land val. Hier kan die moord op Fransisco d'Almeida en 150 van sy bemanning in 1510 in Tafelbaai as goeie voorbeeld dien.

Die belangrikste verhaalmoontlikhede uit hierdie tydperk lê egter in die lotgevalle van die skipbreukelinge wat die talle skipbreuke oorleef het en aan hul eie lot in 'n onbekende en onherbergsame land oorgelaat is.

Rondom hulle lotgevalle kan avontuurverhale gebou word wat geskoei is op die avontuur-oorlewingsbasis waarin die karakters soos 'n Robinson Crusoe die uitdagings van 'n nuwe ongebonde lewe aanvaar en vir hulleself aanvaarbare lewensomstandighede weg van die beperkinge van 'n beskaafde samelewing skep. Die verhale kan ook gebaseer word op die skipbreukelinge se pogings om oor land, of seelangs die beskawing te bereik. Skipbreukelinge het ook dikwels met inboorlinge in aanraking gekom, met wie hulle òf in konflik gekom het, òf mee saamgeleef het. Veral laasgenoemde moontlikheid bied ruimte vir verhale waarin 'n kind of jeugdige se werking van hierdie totaal vreemde lewenswyse op realistiese of avontuurlike wyse uitgebeeld word. Hierdie verhale hoef ook nie net beperk te wees tot die Portugese tydperk nie, want tot laat in die agtiende eeu het skipbreukelinge hulle nog in dieselfde onherbergsame omstandighede bevind as hulle Portugese voorgangers. Hiervan is die stranding van die Centaurus, die Grosvenor en die Stavenisse en die ontberinge wat die oorlewendes beleef het 'n sprekende voorbeeld.

Ten spyte van die besondere moontlikhede wat hierdie tydperk bied, het min van die wedervaringe van skipbreukelinge beslag in kinder- en jeugverhale gekry. Santie Grosskopf vertel in My eerste groot boek oor ons land (1969) die verhaal van Fransisco d'Almeida se dood aan die hand van die Hottentotte in Tafelbaai by monde van Juan dos Santos, een van die bemanningslede wat ontsnap het. Hierdie verhaaltjie, soos die meeste ander in die boek, slaag egter nie as kinderverhaal nie omdat dit te ooglopend 'n poging is om geskiedenis in "versuikerde" vorm aan te bied. Van karakterbeelding en belewing van die gebeure is daar nie veel sprake nie maar die verhaal kan tog gebruik word as

aanvulling by die geskiedenis-handboek wanneer die Portugese seevaarders behandel word.

In Die groot Afrikaanse heldeboek deur Pieter W.

Grobbelaar word die tragiese verhaal van die skipbreukeling van die Sao Joao wat in 1552 aan die Natalse kus gestrand het, vertel. Die verhaal word in die eerste persoonsvorm deur Alvaro Fernandes, een van die oorlewendes, aangebied. Nadat die skip in 'n storm vergaan het, het 500 mense daarin geslaag om die strand veilig te bereik. Hierna het hulle gepoog om Mosambiek oor land te bereik. Die ontberinge wat die groep moes deurmaak, word op onbewoë, en tog aangrypende wyse geskets. Die godsdienstige tussenwerpsels wat telkens voorkom, is eie aan die tyd en ook karaktertekenend van die persoon wat die verhaal vertel. Die verhaaltjie het 'n sterk spanningslyn, wat gebou word rondom die optrede van Dona Leonara, die vrou van die skeeps-kaptein De Souza.

F. Lategan se illustrasies vang die atmosfeer van die verhaal op 'n besondere wyse vas. Uit die illustrasie op pp. 15 & 16 spreek nie alleen die wanhoop van die skipbreukeling nie, maar veral die krag wat daar van Dona Leonara uitgegaan het.

Hierdie verhaaltjie se waarde strek veel verder as aanvullingsmateriaal by Geskiedenis-onderrig, want die besondere heldemoed en die wyse waarop dit uitgebeeld word, sal die kinder- en tienerleser aangryp, inspireer en by hulle 'n bewussyn vir die verlede kweek.

In Léonor van die Dona Isabel beeld S.E. Fraser die ervaring van 'n jong dogter wat 'n skipbreuk oorleef en deur die Strandloper gemeenskap versorg word in 'n realistiese verhaal uit. Dit word beskou as 'n realistiese en nie 'n avontuur-historiese verhaal nie, omdat die klem eerder val op Léonor se persoonlike belewing van die avontuur as die asemrowende avontuurlikheid daarvan. Ook die avonture wat sy ter see beleef, neig meer na die realistiese as die avontuurlike.

Léonor se vader, don Fernando Perreira, is 'n skeeps-kaptein wat reeds sy vrou in 'n builepesepidemie verloor het en daarom sy tienjarige dogter saam met hom op 'n reis na Indië neem toe daar weer 'n epidemie in Portugal dreig. Die lewe op die Dona Isabel is vir Léonor vreemd, maar heerlik. Daar is wel nog lesse, gebede en handwerk, maar sy kan ook teen die takelwerk uitklim en na die matrose se ongelooflike verhale luis-ter. Langs die Kaapse suidkus strand die Dona Isabel, maar Léonor en haar troetelapie spoel veilig uit. 'n Strandloperfamilie ontferm hulle oor haar en sy sluit 'n hegte vriendskap met die Strandlopermeisie, Ratinho. Sy leer hulle taal, eetgewoontes en ander gebruike ken. Ten spyte van die heerlike ongebonde lewe bly sy egter na haar eie mense verlang, veral nadat haar vriendinnetjie gesterf het. Na twee jaar word sy dan weer deur haar vader se skip opgepick en verneem sy van hulle wonderbaarlike redding.

Léonor van die Dona Isabel is 'n boeiende verhaal met oortuigende karakterbeelding. Identifikasie met Léonor en haar avonture sal spontaan by die jong leser geskied en daarom kan die verhaal belangstelling in en liefde

vir die geskiedkundige kweek, ook by die leerling wat normaalweg geen erg aan Geskiedenis het nie. Uit 'n historiese oogpunt is die gedeelte wat handel oor Léonor se verblyf onder die Strandlopers van besondere waarde, omdat hierdie uitgestorwe stam in voorkoms en gewoontes lewensgetrou geskets word. Die skryfster slaag ook daarin om hierdie gegewens by die verhaal in te weef sonder om die verhaalgang te onderbreek. Die atmosfeer van die verhaal word in die delikate swart-witillustrasies vasgevang. Die keurigversorgde, kleurvolle stofomslag is 'n lus vir die oog.

'n Skipbreukelingverhaal wat meer op die avontuurlike ingestel is en elemente bevat van al die genoemde verhaalsoortlikhede, naamlik oorlewingsavontuur, pogings om die beskawing te bereik, botsings met inboorlinge en lewe onder die Swartstamme, is Die Skipperskneg van Spookbaai deur Nickey van Schalkwyk. In hierdie verhaal besluit 'n aantal van die oorlewendes van die gestrande skip, De Kuilenburg om oor land na die Kaap te stap, maar die twee 15-jarige seuns, Joop van der Heide, weeshuisseun uit Nederland en sedert sy tiende jaar reeds matroos, en Jacques Marais, Hugenote seun uit die Kaap, besluit dat hulle kanse op oorlewing groter is as hulle daar bly totdat hulle deur 'n verbygaande skip opgepik word. Intussen rig hulle hul geries in en leef van vis, wild wat hulle in strikke vang en varswater uit die bergstrome. Na vier maande gewaar hulle uiteindelik 'n skip, maar die Uplandia loop ook op die rotse en vergaan. Ilse Ekberg, dogter van die kaptein, is die enigste oorlewende.

Dit is 'n boeiende avontuurverhaal. Die spanning word deurgaans behou, die gebeure is goed gemotiveer en

nooit te vergesog nie. Die karakters word werklik mense. Karakterontwikkeling vind in Jacques plaas, want hy ontwikkel van 'n neerslagtige, onseker rykmans-seun tot 'n jongman wat self besluite kan neem. Dit wat hy eers as 'n ramp beskou het, word dan vir hom 'n ondervinding wat hy nooit wil vergeet nie. Beeldspraak is plasties en funksioneel, byvoorbeeld "Vrees is 'n dik slang wat in haar ooprol" (p.104).

In die heruitgawe van die verhaal is die illustrasies weggelaat, wat 'n leemte is, aangesien die illustrasies beslis bygedra het tot die atmosfeer van die werk. 'n Besliste leemte in die verhaal is die feit dat die lettertipe te groot is. Die lettertipe is meer geskik vir die agt- of negejarige, terwyl die inhoud en karakters daarop dui dat die boek bedoel is vir die elf- tot veertienjarige. Dit is 'n avontuurverhaal vir seuns en dogters. Die meisiekarakter se rol word so aangebied dat dit aanvaarbaar vir die seunsleser sal wees. Die waarde van hierdie historiese avontuurverhaal lê hoofsaaklik daarin dat dit historiese bewussyn by die kind kan kweek, deurdat dit hom laat belangstel in die verlede en hom kan aanspoor om ook ander avontuurverhale wat in die verlede afspeel, te lees.

In Die verhaal van die Grosvenor deur D.N. Pfaff probeer 'n aantal skipbreukelinge om die beskawing te bereik deur langs die Pondolandse kus af te stap. Dit word 'n staptog van die dood en deur die ervarings van Thomas Laws (12), Robert Price (15), William Halberly (20) en Henry Lillburn (26) kom die leser tot die besef dat feite soms vreemder as verdigsel is. Die leser word tot so 'n mate by die skipbreukelinge se byna bo-

menslike stryd teen die natuur en die vyandige inboorlinge betrek, dat hy byna wens dat Thomas, in teenstelling met die werklike gebeure, ook die beskawing veilig sal bereik. Die verhaal berus op deeglike navorsing, maar deur treffende karakterbeelding en eenvoud van styl word dit veel meer as 'n feitelike verslag van werklike gebeure. Inteendeel dit word 'n persoonlike belewenis van die mens se stryd teen die natuur en teen sy eie sterflike liggaam.

In Spore uit fort Sandenburg gebruik Nanda Pauw die stranding van die Nieuw Haerlem in Tafelbaai in 1647 as agtergrond vir 'n boeiende avontuurverhaal. Die intrige is gebou op die sestienjarige Hugo Molsberger se betrokkenheid in 'n skatsoektog. Hugo val in die proses in die hande van vyandelike Hottentotte en word agtergelaat wanneer die ander skipbreukelinge na Holland terugkeer. Hy word vier jaar later weer deur Van Riebeeck se geselskap gevind. Hierdie wending in die verhaallyn doen afbreuk aan die andersins geslaagde historiese-avontuurverhaal. Die verhaal sou net soveel trefkrag hê, en histories meer aanvaarbaar wees, indien Hugo betyds gered kon word om saam met die ander skipbreukelinge na sy vaderland terug te keer. Die perke van globale historiese korrektheid is beslis oorskreid deurdat dit onwaarskynlik is dat Jan van Riebeeck 'n oorlewende van die Nieuw Haerlem aan die Kaap sou vind en dit nie in die dagjoernaal sou aanteken nie. Die figure op die stofomslagillustrasie toon ook geen ooreenkoms met die Hottentotte van die verhaal nie.

Die jare tussenin deur Nanda Pauw is 'n geromantiseerde weergawe van skipbreukelinge se ervarings aan die Natalse kus.

Die moontlikhede wat die historiese-avontuurverhaal met 'n skipbreuk as onderwerp bied, is nog lank nie uitgeput nie. Of die verhaal gegrond is op feitelike gegewens soos die verhale van Grobbelaar, Grosskopf en Pfaff, en of dit suiwer fiksie is soos die verhale van Fraser en Van Schalkwyk, die trefkrag bly dieselfde. Daarom is dit veral hierdie soort verhale wat benodig word om by die leerling 'n belangstelling in en 'n liefde vir geskiedenis te kweek.

Die stigting van 'n verversingspos

Die Verenigde Nederlandse Geoktrooieerde Oos-Indiese Kompanjié (V.O.C.) wat in 1602 tot stand gekom het, se handelsbedrywigheide is deur die lang ononderbroke see-reis na en van Indië gekortwiek. Daarom is daar in 1652 oorgegaan tot die stigting van 'n halfwegstasie aan die Kaap die Goeie Hoop. Die stigting van hierdie verversingspos en Jan van Riebeeck se koms na die Kaap bied ideale stof vir kinder- en jeugverhale. Onder die 146 mense wat die eerste volksplanting begin het, was daar elf kinders of jeugdiges onder negentien jaar. Maria van Riebeeck self was maar drie-en-twintig toe hulle na die Kaap verhuis het.

Hierdie tydperk bied dus eerstens die moontlikheid vir seeverhale. Die seereis na die Kaap het meer as drie maande geduur en alhoewel die sterftesyfer op hierdie reis besonder laag was, het hulle tog te kampe gehad met talle probleme en avonture, soos 'n skip wat ongebalanseerd gelaai was en groot gevaar kon inhou, storms, windstiltes en die moontlikheid van 'n see-roweraanval.

Verder moes hierdie kinders en jongmense ook die eerste jare van die volksplanting met sy probleme, gevare en avonture op 'n bepaalde wyse beleef het. Daar bestaan dus die moontlikheid vir avontuurverhale waarin nie net die ontberings beskryf word nie, maar ook die heerlike ontdekkingsavonture in die vreemde land met sy wilde diere en mense. Vir die ouer kinders sou hierdie eerste jare miskien meer van 'n opoffering en minder van 'n avontuur wees, en dit skeep dus die moontlikhede vir realistiese verhale waarin meer gekonsentreer word op die alledaagse probleme en die belewing en verwerking daarvan deur spesifieke karakters. Hier is dus veral ruimte vir karakterverhale in die vorm van verhalende biografieë of biografiese fiksie. Maria van Riebeeck is beslis die voor die hand liggendste onderwerp vir 'n verhalende biografie vir die ryper tiener leser.

Die Franse Biskop Nicolaas Etienne het haar beskryf as een van die wysste vroue wat hy nog gesien het en dat sy deur almal in die nedersetting bemin word (Böeseken, 1974, p.xvii). Anna Böeseken verklaar self dat 'n mens nie intuïtiewe aanvoeling nodig het om te weet hoe groot die rol was wat Maria aan die sy van haar man gespeel het nie, maar aangesien direkte verwysings na haar in die amptelike bronne nie dikwels voorkom nie, kan sy nie 'n regmatige plek inneem in 'n outentieke biografie oor die lewe van Jan van Riebeeck nie. Die verhalende biografie bied dus die uitstekende moontlikheid om hierdie merkwaardige vrou te laat herleef. Benewens haar geroemde vriendelikheid, die ongerief wat sy moes uitstaan en die smart wat sy moes verduur toe sy 'n baba aan die dood moes afstaan en haar twee jong seuns ter wille van 'n beter opvoeding na Nederland moes stuur, was sy ook nog 'n doodgewone mens vol avontuurlus. Dit blyk uit die feit dat sy saam met haar

man bo-op die walvis geklim het wat by die Soutrivier uitgespoel het.

Die eerste volksplanters het nie na 'n onbewoonde streek gekom om 'n verversingspos te stig nie. Die suiderland was reeds bewoon deur die Khoisan (Hottentotte en Boesmans). Die in aanraking kom van twee uiteenlopende kulture bied ook 'n wye verskeidenheid van verhaalmoontlikhede. Die Blankes het die Hottentotte as lui en onbetroubaar beskou, maar soos duidelik blyk uit Van Riebeeck se dagjoernaal was hulle verleë oor die Hottentotte se vee en derhalwe bereid om enigiets van hulle te verdra, tot selfs die moord op die veewagter. Aan die anderkant was daar ook kinders en jongmense onder die Hottentotte vir wie hierdie intrekkers of as 'n bedreiging of as 'n avontuurlike verskynsel voorgekom het. Die Hottentotte was gewoond aan die periodieke kom en gaan van die Blankes, maar die vestiging van die Blankes moes 'n hele nuwe wêreld vir hulle laat oopgaan het. Vanuit hulle perspektief is daar dus ook ruimte vir of avontuurverhale of realistiese verhale en dan veral verhalende biografieë. Hier bied veral die lewe van Eva, die jong Hottentotmeisie wat by die Van Riebeecks in diens getree het, 'n besondere geleentheid aan die skrywer van verhalende biografieë. Alhoewel Eva heeltemal verwesters het, moes sy tog 'n mate van simpatie met haar rasgenote behou het wat noodwendig tot innerlike konflik moes gelei het wanneer daar onenigheid tussen die Blankes en die Hottentotte ontstaan het. Rondom hierdie konfliksituasie kan die skrywer 'n verhaal bou waarin die leser nie net die mens Eva leer ken nie, maar ook die wyse waarop die Hottentotte die permanente vestiging van die Blanke ervaar het, kan beleef.

Laastens bied hierdie tydperk ook die moontlikheid vir romantiese verhale. Elizabeth van Opdorp, niggie van die kommandeur, is met Jacob Reinierz, tweede in bevel aan die Kaap, getroud net voordat hy na Indië vertrek het. Haar suster Sebastiana is na 'n romanse van slegs tien dae met Pieter van Duyn getroud. Ook die lewe van Frederick Verburgh leen hom tot 'n romantiese jeugverhaal of 'n avontuurverhaal. Hy is as verstekeling uit Batavia in die Kaap aan wal gesit. Hier het hy deur sy werkwyer en ondernemingsgees die Kommandeur se vertrouwe gewen en binne drie jaar gevorder van klerk tot sekunde. Na Sebastiana se blitshuwelik trou Frederick, na 'n nog blitsiger romanse met Meyngens Campen, wat 'n passasier op 'n skip onderweg na Batavia was. Uit Van Riebeeck se dagjoernaal blyk dit dat hulle mekaar net vier dae geken het voordat hulle getroud is. Vyf maande later vertrek hy met die Tulp op 'n ontdekkingsstog na Madagaskar waar hy in Desember 1655 sterf, terwyl Meyngens eers bevestiging van sy dood in Maart 1657 ontvang het.

Skrywers wat 'n kinder- of jeugverhaal in hierdie tydperk wil laat afspeel, moet hulle egter nie probeer beperk tot karakters wat werklik gelewe het nie. Van die kinders wat die volksplanting meegemaak het, word weinig of geen melding gemaak in Van Riebeeck se dagjoernaal of ander dokumente wat uit dié tyd dateer nie, sodat die skrywer in elk geval grootliks op sy eie verbeelding aangewys is sover dit 'n karakter se belewing van die tydperk aanbetref. Juliet Marais Louw motiveer dit as volg: "Since children in the seventeenth century were seldom seen and hardly ever heard the writers of the journal scarcely bothered even to mention any of them by name. For this reason, anyone writing about

these times must simply image for himself what life was like for boys and girls living in small mud houses, with wild beasts roaring outside, with not enough food and very little fun and death from tooth and claw and sickness and injury and savage spears never very far away" (1970, p.160).

Twee kinderverhale uit hierdie tydperk wat as avontuurverhale beskou kan word, is Musket and garden hoe : a story of Van Riebeeck's settlement deur Juliet Marais Louw en Die kommandeur se beloning deur Tom Bouws. Die hoofkarakter in albei verhale is die oudste seun van die hooftuinier, Hendrik Boom. In Musket and garden hoe staan hy bekend as Job en in Die kommandeur se beloning is sy naam Klaas. Die feit dat verskillende name deur verskillende skrywers aan dieselfde karakters toegeken word, moet toegeskryf word aan die gebrek aan dokumentêre staving waarna reeds verwys is. Louw baseer haar naamkeuse op die feit dat daar in Van Riebeeck se dagjoernaal melding gemaak word van 'n Job Boom wat in 1657 in die Kompanjie se diens aangestel is. Ook Anna de Villiers noem hom in Purper Daeraad Job.

In Musket and garden hoe is Job elf jaar oud aan die begin van die verhaal en sestien aan die einde. Die intrige is gebou rondom die alledaagse wedervaringe wat op sigself 'n avontuur was. Aanvanklik bly die gesin Boom in die fort, maar omdat die wilde diere, waaronder selfs seekoeie, die tuinery te veel verniel, word 'n houthuis vir hulle naby die tuin gebou. Hier moet Job een nag slegs met die hulp van sy suster, 'n luiperd in die aangrensende koeistal doodskiet. Job

leer spoedig die Hottentot-taal verstaan deur aandagtig te luister na die Hottentotte wat hulle matjieshutte in die nabyheid van die fort kom opslaan het. Aangesien hy hulle taal kan verstaan, het hy begrip vir hulle optrede, want hy besef dat hulle ontevrede is omdat die Blankes hulle permanent kom vestig het op grond wat al eeue deur die Hottentotte as weiveld gebruik is.

Verskillende gebeurtenisse tydens die eerste vyf jaar van die volksplanting word sinvol by die verhaal ingeskakel deurdat Job direk of indirek daarby betrokke is. Die geslaagdheid van hierdie aspek van die verhaal word beklemtoon deur die resensent van die Vaderland: "Mev Louw dien veral geluk gewens te word omdat sy die een feit na die ander so knap in die verhaal inweef dat 'n mens elke keer deur iets dramaties verras word. Almal wat iets van die eerste jare aan die Kaap weet, wéét dat die Hottentotvrou Eva as tolk opgetree het, almal wéét dat die eerste winter 'n tyd van groot beproewing was. Maar in die verhaal word ons telkens verras deur dit wat ons weet en dus verwag het" (Vaderland, 14 Mei 1971).

Die verhaal is geskryf in 'n vloeiende styl en selfs die mees ondergeskikte karakters word méns in die verhaal. Waar verduidelikings nodig is, byvoorbeeld die waarde van die geldeenhede in moderne terme, word dit gedoen sonder om die gang van die verhaal te versteur. Die historiese agtergrond vorm 'n integrerende deel van die verhaal. Hierdie verhaal is besonder geskik vir aanvulling by die Geskiedenis-handboek in die onderrig-leer-situasie. Omdat die kind hom met Job kan identifiseer, belééf hy werklik hierdie geskiedenis en bly dit nie koue onpersoonlike feite wat hy moet memoriseer nie. "Selfs kinders wat nie van geskiedenis hou

nie, sal in die boek genoeg tiener-avonture kry om hulle verbeelding aan te gryp" (Vaderland, 14 Mei 1971).

Dit is egter onverklaarbaar waarom 'n verhaal wat as beide kinder- en historieseverhaal slaag en van 'n besonder hoogstaande gehalte is wat sy inhoud aanbetref, in so 'n swak en onversorgde voorkoms gepubliseer is. Daar is geen stofomslag nie en die vaalbruinkleur van die boek dra beslis nie daartoe by om die leser se aandag te trek nie. Selfs die titel hou geen belofte in van die verrassing wat op die leser wag wanneer hy eers die verhaal begin lees nie. Die illustrasies deur Anette Stork help om die tydperk te visualiseer en is van hoë artistieke en historiese waarde.

Alhoewel die taal eenvoudig genoeg is vir die Afrikaanssprekende kind van ongeveer tien tot dertien jaar, behoort die leserspubliek van hierdie verhaal vergroot te word deur vertaling in Afrikaans. Die gehalte van die werk, asook die objektiwiteit daarvan regverdig selfs die vertaling daarvan in een of meer van die Swarttale.

In Die Kommandeur se beloning skep Tom Bouws 'n avontuurverhaal rondom die historiese gebeure van die dros-tery van twee soldate Gerrit Dircksen en Jan Verdonck en twee matrose Jan Blanx en Willem Huitjies deur sy hoofkarakter, die dertienjarige Klaas Boom, by die komplot te betrek. Toe Klaas eendag saam met Gert en Willem suring vir die siekes moes versamel, hoor hy hulle planne beraam om te dros. Gert dreig om Klaas se sus-sies met sy mes by te kom as hy vir iemand van hul planne gaan vertel. Die intrige van die verhaal word

gevorm deur Klaas se dilemma of hy die Kommandeur moet inlig en of hy moet stilbly ter wille van sy sussies.

Intussen help Klaas sy vader met die aanlê van die groentetuin en beleef so persoonlik die probleme van die eerste nedersetters. Hy sien matrose en soldate siek word en doodgaan omdat daar nie voldoende voedsel en skuiling teen die winterreën is nie. Klaas is ook bevriend met Sebastiana en dus is hy ook voortdurend bewus van die probleme waarmee Jan Van Riebeeck persoonlik te kampe het. Die spanning word egter deurgaans volgehou, want Gert herinner Klaas kort-kort aan die swaard wat oor sy kop hang deur veelbetekend aan sy mes te vat. Hy bly worstel met die vraag of hy sy vader of die Kommandeur in sy vertrouwe moet neem en of sy eerste plig by die beskerming van sy sussies lê. Uiteindelik oorwin hy sy vrees en gaan hy om die Kommandeur in te lig.

Die verhaal het 'n bevredigende afloop, want Gert en Klaas word vriende nadat 'n gedeelte van die drosters se straf kwytseskeld is. Gert leer ook dat 'n mes nie net gebruik kan word om vrees mee in te boesem nie, maar ook om vreugde aan ander te bring deur middel van die houtbeeldjies wat hy daarmee maak. Dit is nie net Gert wat karakterontwikkeling ondergaan nie. Klaas word deur hierdie avontuur gebrei tot 'n man wat sy vrees en eie belang opsy skuif om te doen wat hy weet reg is. Klaas se karakter word lewendig uitgebeeld. Die leser is saam met hom bekommerd en saam met hom verheug toe hy die regte besluit neem.

Ook hierdie verhaal kan met vrug as aanvulling tot die geskiedenis-handboek gebruik word. Die geskiedenisfeite word netjies in die avontuur verweef en is histories korrek. Die avontuur wat Klaas beleef, word so boeiend aangebied dat dit selfs die trae en onwillige leser behoort te boei. Ongelukkig gaan ook hierdie boek mank aan 'n uiters oninteressante uiterlike wat beslis nie leeslus gaan stimuleer nie.

Verhale uit die tydperk wat as realistiese jeugverhale geklassifiseer kan word, omdat die hoofkarakters of die ondersteunende karakters in dié ouderdomsgroep val, is onder andere Purper Daeraad van Anna de Villiers, Land van die Suide deur Elizabeth Vermeulen, By die Kasteel of Antjie die Boerevrou deur D'Arbez (skuilnaam van J.F. van Oordt), De Nichtjes van de Kommandeur deur dieselfde skrywer en N.K. Lock se Three ships came sailing. Daar is ook twee verhalen-de biografieë beskikbaar: Onbegrensde land deur Marie van de Merwe en Hy het my Eva genoem deur Irma Vermeulen.

In die voorwoord tot Three ships came sailing sê die skryfster dat haar werkmetode by die skryf van die verhaal was "trying to recapture the historical scene from contemporary records with as little departure from the known facts as possible" (p.xiii). Dit was klaarblyklik ook die werkmetode van die meeste ander genoemde skrywers. Die verhale word feitelik getrou met Van Riebeeck se dagjoernaal as breë raamwerk aangebied. Hierdie werkwyse bring mee dat die karakters te veel ondergeskik gestel word aan die historiese gebeure, met die gevolg dat daar weining sprake van dinamiese karakterbeelding is en 'n verhaallyn of intrige dikwels

heeltemal ontbreek. Die geskiedenisgeraamte word in hierdie verhale wel met vlees bekleed, maar die lewewende gees ontbreek steeds en dus slaag hulle nie as verhale nie.

Marie van de Merwe se verhalende biografie oor Maria Van Riebeeck Onbegrensde land is egter 'n uitsondering. Alhoewel dit nie as 'n kunswerk van uitstaande letterkundige gehalte bestempel kan word nie, slaag die skryfster tog tot so 'n mate daarin om Maria as mens uit te beeld dat die jongvolwassene haar geredelik met die lewensomstandighede van die hoofkarakter sal kan identifiseer. Die verhaal beeld die wedervaringe ter see en gedurende die eerste tien jaar van volksplanting werklik vanuit 'n vrou se perspektief uit. Die stormskade ter see word byvoorbeeld geëvalueer in terme van die kosbare kruie en ander snuisterye wat oor die kajuitvloer versprei lê. Die onderlinge strominge word realisties verwoord en dit gee 'n mens 'n goeie begrip van hoe die lewe in so 'n klein gemeenskappie, waar mense uit alle vlakke van die samelewing saamgegooi was, moes wees.

'n Verdere uitsondering in die groep verhale is Land van die Suide deur Elizabeth Vermeulen. Sy bou haar verhaal rondom die wedervaringe van die gesin Van Dalen. Die seun Pieter is dertien jaar oud by die aanvang van die verhaal wat oor 'n tydperk van tien jaar strek. Omdat Pieter aangestel word as persoonlike bode van Van Riebeeck, word die probleme waarmee die kommandeur te kampe gehad het, sinvol by die verhaal betrek. So kry die leser dan ook 'n kykie in Elizabeth van Opdorp en Jacobs Reinierz se hofmakery as Pieter onverwags op plekke opdaag waar hy nie verwag

word nie. Ernst, voorheen soldaat in diens van die Kompanjie se besluit om ook vryburger te word, bring mee dat ook hierdie aspek sinvol by die verhaal betrek word.

Verdienstelik veral, is die wyse waarop die skryfster daarin slaag om die belewenisse van 'n kind in die ongetemde land te verwoord. Snags boesem die donker land vrees by Pieter in wanneer hy na die naggeluide lê en luister: "...die diep, verskriklike gebrul van die leeus, die jakkalskore verder weg, afgewissel met die geblaf van hiënas" (p.38), maar bedags is "... 'n lang piekniek wat nooit end kry nie" (p.39).

Inkonsekwenthede soos die seun van die opperchirurgyn wat eers Klaas Vettelman en dan skielik Jan Vettelman heet, doen gelukkig nie veel afbreuk aan die verhaal nie.

Alhoewel die probleme van die vryburgers in die meeste van bogenoemde verhale aangeraak word, is daar slegs een verhaal wat suiwer binne die vryburgergemeenskap afspeel, naamlik Die seun in die pad deur Pieter W. Grobbelaar. Toon van Donck (15) versteek hom op 'n skip om uit Batavia waar sy ouers en sussie oorlede is, weg te kom. Reeds die eerste nag in die fort word hy aangeval en van sy pa se dolk beroof. Hy word deur Van Riebeeck as plaashulp by een van die vryburgers, Harmen Remajenne, die hoof van die groepie vryburgers bekend as Harmanskolonie, geplaas. Alhoewel daar 'n soort vriendskapsverhouding tussen Toon en Remajenne ontwikkel, tree laasgenoemde heeltemal onverskillig teenoor Toon op wanneer hy tussen sy matroos- of vryburgervriende is. Wanneer die eensaamheid hom dan wil

oorval, onthou hy Maria van Riebeeck se vriendelike-
heid. Dít en Jan van Riebeeck se gesegde: " Wie
vooruitgang soek moet die vlytigheid nie spaar nie",
dra hom deur die moeilike dae van aanpassing by ruwe
vryburgers en veral deur sy teleurstelling toe hy
besef dat sy sogenaamde vriend sy vader se dolk in 'n
dobbelspel teruggewen het, maar dit nie vir hom gegee
het nie. Hierdie ervarings maak van Toon 'n man en
lei hom tot geestelike volwassenheid, sodat hy tot die
gevolgtrekking kom dat Remajenne nie 'n held met voete
van klei is nie, maar net 'n doodgewone mens "...iemand
met wie jy aangename uurtjies kan deurbring, maar nie
op peil kan trek nie" (p.82).

Resensente verskil drasties in hul menings oor die let-
terkundige geslaagdheid van hierdie verhaal. In Klas-
gids van Februarie 1972 word die volgende kritiek teen
die verhaal uitgebring: "Maar die hoofkarakter word
nooit mens nie ... vir die leser bly hy 'n skim waarmee
hy hom nie kan vereenselwig nie. Gevolglik laat die
meeste van die gebeure die leser koud." Die resensente
van onderskeidelik Die Volksblad en die Burger ver-
skil egter grotendeels van hierdie resensent. "Die
seun Toon van Donck lewe. Sentiment is taboe; hy deur-
leef sy grootworddae en seunsellendes met onuitgesproke
emosie wat die leser op 'n onverklaarbare wyse ontroer"
en "So 'n juweel vind 'n mens selde; geskiedkundige
stories, verhaal van die grootword van 'n seun - en
albei ten fynste vertel. Tussen geharde manne wat help
om die plaas in die wildernis aan te lê, staan die seun
soms verwilderd, soms nors, soms bang, soms tartend.
Maar die vreemde land kry hom nie onder nie."

'n Mens kan nie anders as om jou met die menings van laasgenoemde twee resensente te vereenselwig nie en wel om die volgende redes. Die verhaal het 'n sterk tema wat meebring dat dit ook tot die kinderleser wat geen erg aan die historiese het nie, sal spreek. Toon se verwerking van sy probleem kan die leser help om sy eie probleme in perspektief te sien en sodoende te besef dat wanneer hy deur mense na aan hom teleurgestel word, hulle nie noodwendig helde met voete van klei is nie, maar doodgewone mense met algemeen menslike swakhede. Die verhaal het ook 'n goedgestruktureerde intrige wat gebou is rondom Toon se ontwikkelende vriendskap met Remajenne en sy pogings om sy vader se dolk, tasbare bewys uit sy gelukkige kinderdae, terug te kry. Die klimaks kom wanneer hy besef dat hierdie twee begeertes in direkte teenstelling met mekaar staan. Toon se aanvaarding van Remajenne soos hy is, en sy besef dat hy gelukkig in die nuwe land kan wees sodat hy nie nou meer die tasbare bewys uit sy kinderdae nodig sal hê nie, verskaf 'n bevredigende afloop.

Die karakters word oortuigend geteken. Wat veral tref, is die realistiese uitbeelding van die vryburgers en hul leefwyse. Hierdie eerste setlaars word nie net as modelmense uitgebeeld nie, maar as lewende mense met vreugdes en tekortkominge. Die verhaal sal die leerling in staat stel om 'n objektiewe beeld met betrekking tot die Vryburgergeskil te vorm. Na die lees van hierdie verhaal sal die leerling begryp waarom Jan van Riebeeck hom by meer as een geleentheid op minder vleierende wyse oor die vryburgers uitgelaat het. Die boek is ook voorsien van 'n kaart wat bydra tot die historiese waarde van die werk en die illustrasies adem die gees van die tyd. Weer eens is dit onverklaarbaar

waarom 'n werk van hierdie gehalte in so 'n oninteressante en kleurlose stofomslag geklee is.

Die belewing van die volksplanting vanuit die oogpunt van die Hottentotte is nog slegs deur een skrywer op oortuigende wyse in 'n jeugverhaal verwoord. The Castle of the giants deur Hjalmar Thesen is 'n historiese-avontuurverhaal. Die intrige word gevorm deurdat die Hottentot Harib onderneem om 'n soekgeselskap te lei na 'n rivier waar hulle goudklonte kry. Harib vermoed van die begin af dat die Blankes nie die tog sou oorleef nie, en aanvanklik is hy ook nie van plan om hulle na die rivier te neem nie. 'n Besondere vriendskap ontwikkel egter tussen hom en die leier van die Hollanders wat hy Eland noem en ter wille van hom neem hy die enigste twee oorlewende Blankes wel na die rivier van goud.

Die verhaal word werklik vanuit die ervaringswêreld van die Hottentotte aangebied, daarvan getuig die name wat hulle aan die Blankes gee en wat dui op 'n dier waarmee die spesifieke persoon die grootste ooreenkoms toon. Die verdienstelikheid van hierdie werk lê veral in die skitterende uitbeelding van Harib se verwondering aan al die vreemde voorwerpe en gedoentes waarmee hy vir die eerste keer in die fort te doen kry. Deur hierdie verhaal kan by die leerlinge 'n nuwe en meer objektiewe siening van die Hottentotte en hulle optrede teenoor die Blankes gekweek word. Die kennis aangaande die kultuur van die Hottentotte en hulle onvermoë om die sin in die meeste dinge wat die Blankes gedoen het, in te sien, maak van hierdie werk 'n waardevolle hulpmiddel in die kweek van beter gesindhede. Die Engels is egter te moeilik vir die deursnee Afrikaanssprekende

jeugdige van ongeveer sestien jaar en daarom behoort hierdie werk in Afrikaans vertaal te word. Die illustrasies skep 'n illusie van rusteloosheid, wat in direkte teenstand met die aard van die Hottentotte is, en lewer dus geen sinvolle bydrae tot die werk nie.

Hy het my Eva genoem is 'n verhalende biografie deur Irma Vermeulen van die Hottentotmeisie Krotoa (Eva) wat as jong dogter (+ 10 jaar) by die Van Riebeecks gaan woon het. Alhoewel die skryfster 'n grondige kennis van die tydperk en van Hottentotgebruike openbaar, slaag sy nie daarin om Eva as lewende mens uit te beeld nie. Die perspektief is die van 'n verteller wat afkyk op 'n naïewe Hottentotmeisie. Ook die feit dat die Hottentotte aan hulle self dink as Hottentotte - 'n benaming wat deur die Blankes aan hulle gekoppel is - doen afbreuk aan die verhaal.

Skrik van die oseaan deur André Blom is 'n seerower-verhaal uit die jaar 1663. Twee vryburgerseuns en goeweneur Wagenaar se dogter word deur seerowers ontvoer. Uiteindelik gaan soek hulle na Bartolomeus Dias se skat by Mosselbaai. Alhoewel dit 'n spannende intrige is, hinder die onlogiese van die feit dat Dias 'n skat onder die kruis by Mosselbaai sou begrawe.

Simon van der Stel - die verversingspos word 'n kolonie

Tussen 1662, toe Jan van Riebeeck die Kaap verlaat het, en 1679 toe Simon van der Stel as kommandeur diens aanvaar het, het die Kaap geleidelik tot 'n ware nedersetting ontwikkel. Dit was egter eers onder Simon van der Stel dat kolonisasie daadwerklik bevorder sou word. Hy

was verantwoordelik vir die stigting van die tweede dorp in die land en voor die einde van 1679 het die eerste boere hulle al in die distrik van die nuutgestigte Stellenbosch gevestig. Die regeringstydperk van Simon van der Stel bied dan ook 'n verskeidenheid van moontlikhede vir kinder- of jeugverhale.

Eerstens bied Simon van der Stel se persoonlike lewe besonder interessante stof vir verhalende biografieë. Half-oosters van afkoms het hy besondere betekenis geheg aan die noodlotsbestemming van die mens. Verder het sy vrou hom nie saam met sy ses kinders na die Kaap vergesel nie, maar wel sy ongetroude skoonsuster.

Die bydrae wat hy gelewer het om van 'n arm nedersetting 'n florerende kolonie te maak en ook sy belangstelling in die onbekende binneland, skep 'n groot aantal verhaalsoortlikhede, byvoorbeeld avontuurverhale gebou rondom sy verkenningstogte na die binneland; avontuur- of realistiese verhale rondom die alledaagse gebeure in die nuutgestigte Stellenbosch en in die Kaap; romantiese verhale uit die era toe weesmeisies spesiaal uit Holland ingevoer is om in die behoeftes van die oorwegend manlike bevolking te voorsien. Ook verhale waarin die invloed van die toenemende kolonisering van die binneland op die dierelewe uitgebeeld word.

Slegs een verhalende biografie oor die lewe van Simon van der Stel wat ook as jeugverhaal beskou kan word, kon opgespoor word. Man of Constantia : a biographical novel on the life of Simon van der Stel deur Hymen W.J. Picard is die meesleurende verhaal van die romanse tussen Simon en Constanthia Sterthemius. Alhoewel sy

reeds op agtienjarige leeftyd gesterf het, het sy 'n blywende invloed op hom gehad. Wanneer Simon vir Rembrand van haar dood vertel, verwoord laasgenoemde hierdie invloed as volg: "If such was the love you felt for each other, she did not really die for you ... She will stay with you ... She will help you on your road to destiny - inspire you to greater deeds that you could have perform if she were with you in the flesh" (p.77,78). Dit is ook die verhaal van Simon se ongelukkige huwelik met Johanna Six en 'n aanneemlike verklaring word hierin gebied waarom sy skoonsuster en nie sy vrou nie, hom na die Kaap vergesel het. In Man of Constantia leer die leser die mens Simon van der Stel ken: Die man met 'n bestemming wat telkens gekortwiek word deur sy ontvlambare humeur. Die innerlike dryfkrag wat Constantia vir hom gebly het sodat hy haar naam verewig het in sy spogplaas, word deurgaans goed gemotiveer. Dit is 'n verhaal vir die ryper tiener leser.

Journey to the Copper mountains deur Joan Salveson is 'n avontuurverhaal gebou rondom Simon van der Stel se ontdekkingstog na die Koperberge in die huidige Namakwaland. Jan Cornelissen (13) voel ontevrede omdat sy moeder weer gaan trou en uit selfbejammering besluit hy om die ekspedisie na die Koperberge op 'n afstand te volg en hom by hulle aan te sluit, sodra hulle so ver van die Kaap af is dat die goewerneur hom nie meer sal terugstuur nie.

Dit is 'n boeiende verhaal wat nie alleen die avontuurlike reis deur 'n onbekende, onherbergsame land uitbeeld nie, maar ook die Hottentotte en Boesmans as mense aan die leser bekend stel. Hulle gewoontes, ge-

bruike en eienaardighede word as so 'n integrerende deel van die verhaal aangebied, dat die leser voel dat die verhaal nie daarsonder dieselfde trefkrag sou hê nie. Menseverhoudings word met begrip en realiteit geskets. Jan word oortuigend as 'n baie opstandige, tipiese adolessent wat groei tot 'n verstandige jong volwassene uitgebeeld. Selfs Sebastiaan, die droster, word 'n mens waarmee die leser hom kan identifiseer.

In die fyner detail van die reis is die verhaal histories getrou aan die feite. Jan se deelname aan die reis is egter fiktief, maar dit word op so 'n wyse aangebied dat dit histories aanvaarbaar is. Hierdie verhaal is egter meer as 'n historiese avontuurverhaal, want Jan worstel met probleme ook eie aan die moderne jeug en daarom behoort hulle ook aansluiting te vind by sy probleme en sy hantering daarvan. Die kleurrike omslag is ontwerp deur John Bolton. Die gehalte van die verhaal en veral die fyn uitbeelding van die Hottentotte, Boesmans en slawe as mense met emosies, drome en teleurstellings regverdig ook die vertaling van hierdie verhaal in Afrikaans.

Die stigting van Stellenbosch en die stigting van die eerste skool daar deur Sybrand Mankedan vorm die verhaalstof van D'Arbez se De Familie van den sieken trooster of De Franschen vluchtelingen wat in Afrikaans verskyn het as Die familie van die sieketrooster.

D'Arbez het historiese verhale geskryf met die hoofdoel om die jeug aan te moedig om geskiedenis te lees (Nienaber, 1936, p.92). Die verhaalelement is dus gewoonlik maar yl in sy werke. Hierdie verhaal is geen uit-

sondering nie, want dit begin met 'n agtergrondskets van die stigting van die verversingpos. In Hoofstuk 2 word die stigting van Stellenbosch geskets en eers in Hoofstuk 3 maak die leser kennis met die hoofkarakters in die verhaal: Sybrand Mankedan, sy vrou Griet, sy seun Willem (19) en sy dogter Antjie (17). Veral Sybrand en sy vrou word in enkele woorde op meesterlike wyse aan die leser voorgestel. "...doch zoveel is zeker dat terwyl Dominie Mankedan zeer goed in het vleesch zat, zijne vrouw er uitzag als een sweepstok. ...en deze combinatie gaf har het voorkomen van een valk. Wel een beetje valkenaar had de vrouw van die Dominie ook wel; ze was lang niet op haar mond gevallen, en dat zou die Dominie kon getuigen, als hij maar drufde" (p.28). Antjie is die liefvallige lid van die gesin wat gedurig poog om die vrede te bewaar en haar vader van haar moeder se skerp tong te red. Willem is onvergenoegd en rebels totdat sy pa hom toelaat om soldaat te word. Hy is dan ook een van die weinige karakters van D'Arbez wat ontwikkeling toon.

Willem se soldaatwording bied die geleentheid om die ekspedisie na die Koperberge gemotiveerd by die verhaal te betrek. Die leser maak ook kennis met die skool in die ou dae waar meester Mankedan die onbetwiste baas is wat hy nie in sy huis durf wees nie.

Die fyn draad van humor wat deur die verhaal loop, en waarin die ryper tiener leser hom sal kan verkneukel, maak dit die moeite werd om deur die droë geskiedenisfeite wat die verhaal ontsier, te worstel. Die beskrywing van ds. Mankedan op 'n perd dien as goeie voorbeeld van hierdie humor: "De 'Dikke' op een paard was natuurlijk een toneel dat zelfs den ernstigste Stellen-

boscher aan het lachen bracht; wie het niet om lachte was zeker het arme paard." As historiese jeugverhaal het dit egter nie veel waarde nie, omdat dit meer die aard van 'n geskiedenisboek as 'n jeugverhaal het.

Die uitbreiding van die kolonie onder Simon van der Stel en die gevolglike verdrywing van die wildlewe, vorm die onderwerp vir een van die weinige, indien nie die enigste historiese fantasie verhaal oor ons geskiedenis. In hierdie verhaal deur Penny Miller getiteld The Story of Rory is Rory 'n leeuwelpie wat sy tyd verspeel deur mense en diere te terg. Op 'n dag besluit sy ouers om te trek, want toe sy pa by Van Hunk beswaar gaan aanteken het oor sy stink pyp waarmee hy die wêreld besoedel, het dié hom onder die koeëls gestek. Rory is egter aan die slaap toe hulle trek en hy word agtergelaat. Rory is nou die enigste leeu in die hele Kaapse vlakte. Omdat daar ook byna geen diere meer is om te terg nie, wend hy hom maar tot die mense met die gevolg dat Simon van der Stel 'n dekreet uitvaardig waarvolgens hy òf geskiet, òf gevang en verban moet word.

Dit is 'n heerlike verhaaltjie wat as voorleesstorie in die kleuterklas gebruik kan word om reeds op 'n vroeë ouderdom 'n belangstelling in die historiese te begin kweek. Die kleurvolle humoristiese illustrasies dra by tot die trefkrag van die buitengewone verhaal wat volgens Heale (1983, p.17) waarskynlik die eerste Suid-Afrikaanse prenteboek was. Ongelukkig is dit tans uit druk.

In 1685 nadat die Edik van Nantes deur Lodewyk XIV herroep is, het talle Franse Hugenate na die Protestantse buurland, Nederland, gevlug. Omdat Nederland nie al

die vlugteling kon akkommodeer nie, is hulle aange-
moedig om na VOC-kolonies te emigreer. Die koms van
die Franse Hugenote in 1688 na die Kaap, bied 'n ver-
skeidenheid van verhaalsoontlikhede. Byvoorbeeld:
avontuurverhale gebaseer op die vlug uit Frankryk; ver-
hale oor die seereis na die Kaap; realistiese of avon-
tuurverhale gebaseer op hulle vestiging in die nuwe
vaderland. Die Franse het gedurende die eerste aantal
jare in 'n benarde posisie verkeer. Gebrek aan kennis,
landbougereedskap en trekdier het die landbou belem-
mer. Verder is hulle verspreid tussen die Hollandse
koloniste met wie hulle moeilik kon kommunikeer, ge-
plaas. Die besluit van 'n groep Franse dat hulle nie
met Nederlanders sou ondertrou nie, skep die moontlik-
heid vir romantiese verhale waarin die konflik wat
hieruit kon voortspruit, verwoord word. Dat daar ruim
moontlikhede vir romanse was, blyk uit die feit dat
die meeste van die Hugenote wat met die Oosterland na
die Kaap gekom het, jonger as ses-en-twintig jaar en
ongetroud was (Böeseken, 1964, p.90).

'n Uitstaande kinderverhaal met die Franse Hugenote as
onderwerp, is Land of the watching eyes deur Juliet
Marais Louw. Isaac Marais vlug as sesjarige saam met
sy ouers uit Frankryk. Vier jaar later, in 1688, kom
hulle na die Kaap. Hulle skip, die Voorschoten,
land eers in Saldanahbaai waar Isaac per toeval 'n Hot-
tentotbabatjie van verdrinking red. Deur Isaac se
wedervaringe maak die leser kennis met die Franse se
probleme in 'n oorwegend Hollandse gemeenskap. Ook
Isaac voel persoonlik die uitwerking van Simon van der
Stel se besluit om die Franse se plase tussen die Hol-
landers te versprei, omdat hy van sy enigste maat Abra-
ham Prevot geskei word en hulle mekaar net soms by

kerkdienste kan sien. Vriendskapsbande met die Hollandse kinders word bemoeilik deur die taalprobleem. Die Franse kinders word ook aan allerlei gevare onderwerp omdat hulle v r na die skool moet loop. Die alledaagse probleme van die Hugenote in die skepping van 'n tuiste in 'n ongetemde w reld sonder arbeidshulp en selfs sonder ploeg- en pakkdiere word objektief en tog meevoerend geskets. Saam met Isaac kom die leser ook tot die besef waarom die Hottentotte ontevrede is met die Blanke teenwoordigheid en waarom sy vader in die proses moes sterf.

'n Goeie spanningslyn word deurgaans gehandhaaf. Die leser bly saam met Isaac bewus van die altyd teenwoordige loerende o . Die tien-elfjarige, en selfs ouer kinders, sal hulle kan identifiseer met Isaac. Die Vaderland, 23 Maart 1973, beveel dit dan ook aan as 'n verhaal vir ho rskoolleerlinge. Daar moet onthou word dat kinders in daardie tyd gouer volwasse was vanwe  die groter gevaar en groter verantwoordelikheid wat hulle moes aanvaar.

Die historiese korrektheid van die werk getuig van deeglike navorsing. Maar dit is beslis nie net geskiedenis in verhaalvorm vertel nie, want die karakters is mense van vleis en bloed. Nadat die kind hierdie verhaal gelees het, sal hy nie alleen die optrede van die Franse Hugenote begryp nie, maar ook die van die goewerneur en die Hottentotte. Die swart-witillustrasies dra by tot die waarde van die teks, maar die voorkoms van die boek, vaal, oninteressant en sonder stofomslag, is beslis nie van dieselfde gehalte as die inhoud nie.

Die skaarste aan kinderboeke van hierdie formaat wat handel oor die Franse Hugenote, maak dit noodsaaklik

dat hierdie werk ook in Afrikaans vertaal moet word.

In Vlug na vryheid: dagboek van 'n Hugenote seun deur Henriette J. Millar word die leser se belangstelling onmiddellik verkry deurdat 'n dagboek op 'n solder gevind word. Hierdie "vertaalde" dagboek van Jean Taillefer word dan in eerstepersoonsvorm aangebied. 'n Boeiende weergawe van die vlug uit Frankryk, die see-reis en die aankoms aan die Kaap word uit die oogpunt van 'n jong seun gegee.

Die skryfster slaag uitmuntend daarin om binne die beperkinge van die eerstepersoonsperspektief te bly. Juis omdat hy net weergee wat hy self ervaar sonder om dit te probeer interpreteer, het die verhaal 'n besondere trefkrag. Deur middel van die dagboek word die illusie geskep dat dit 'n outentieke verhaal is en word die leser op 'n persoonlike vlak by die gebeure betrek. Die karakters word lewensgetrou uitgebeeld. Die ets-tipe illustrasies dra by tot die atmosfeer wat deur die verhaalgebeure en styl geskep word.

'n Aantal jeugverhale het ook die geskiedenis van die Franse Hugenote in Suid-Afrika as onderwerp, maar hierdie verhale is nie van dieselfde letterkundige en historiese gehalte as Land of the watching eyes en Vlug na Vryheid nie. In Die jong Hugenote vertel Eugène du Preez die verhaal van Antoine Lennac wat met sy vrou, dogtertjie en twee tienderjarige seuns uit Frankryk gevlug het en in 1688 met die Zuid-Beveland na die Kaap gekom het. Die resensent van die Burger laat hom as volg oor hierdie werk uit: "Eugène du Preez slaag daarin om vir ons jeug van ongeveer hoërskool ouderdom 'n aanneemlike en interessante historiese verhaal te skryf. Die feite wat daartoe sal

bydra dat die kinders ook die geskiedenis maklik sal onthou, word ongemerk by die verhaal ingewerk, terwyl hulle om die ontwil van die verhaal sal bly voortlees. Die daaglikse lewe van daardie tyd, die werk, die fees vier en kerk toe gaan, met inbegrip van so iets soos 'n besoek van die goewerneur Simon van der Stel, asook die persoon van die interessante ou Hugenote-predikant, ds. Pierre Simond, vorm alles deel van die storie. Gelukkig klink Die Jong Hugenote nie na 'n verre soort Romantiek nie, maar na 'n werklikheid waaraan egte mense deelgeneem het" (Die Burger, 16 Junie 1967).

Die geloofwaardigheid van die werk word egter in 'n mate aangetas deur die onrealistiese tydsverloop. Die feit dat nie een van die karakters as hoofkarakter uitstaan nie, bemoeilik ook identifikasie. Alhoewel die verhaal beskik oor 'n aantal moontlikhede vir 'n boeiende intrige, slaag die skrywer nie daarin om 'n deurlopende spanningslyn te skep nie.

Die Kring van wraak deur Annelize Morgan is 'n ligte liefdesverhaal. In Frankryk het drie families, die Tourains, Du Plessis en Chenets in kwaai-vriendskap geleef. Die vete met die jong Constance Tourain as middelpunt word aan die Kaap voortgesit. Die swier van die sosiale lewe, maar ook die avontuur en uitdaging om 'n nuwe lewe in 'n nuwe land te begin, word oortuigend uitgebeeld. Ook Stephanie Meiring se Swaard van die verlede gee 'n goeie beeld van die Hugenote se vlug uit Frankryk, maar gaan andersins mank aan ongehoofwaardige intriges. Mike Heine beeld in Cordier van La Concorde die onderlinge wantroue tussen die twee bevolkingsgroepe uit.

Die koms van die Hollandse weesmeisies na die Kaap as vrouens vir die koloniste vorm die verhaalstof vir twee romantiese verhale. Nooi uit die vreemde deur Karel Kielblock is 'n lekkerlees liefdesverhaal met karakters wat oortuig. Af met jou masker, kavalier deur Toek Blignaut het wel 'n spannende intrige, maar 'n onlogiese en ongemotiveerde ontknoping. Die algemeen bekende mite dat Adam Tas in die Donker gat by die Kasteel opgesluit was, kom ook in hierdie verhaal voor.

Karel Kielblock het ook die immerteenwoordige avontuurmoontlikhede benut in Die skat van Java, wat ook uitgegee is onder die titel Die verlore skat. In 'n boeiende avontuurverhaal vir seuns gaan die 14-jarige Jacques de Longvallais saam met sy pa na 'n skat soek. Jacques vorm die middelpunt van al die avonture wat hieruit voortspruit omdat die kaart op sy rug getoëer is. Die verhaal het geen werklike historiese waarde nie.

Lodewyk die leeuehart deur J.J.G. Grobbelaar handel oor die aanlê van 'n nedersetting aan die Natalse kus. Historiese elemente soos 'n skipbreuk en kontak met die inheemse bevolkingsgroepe word verdwerg deur vergesogte gebeure en stereotipe karakters.

W A van der Stel

Simon van der Stel is in 1699 deur sy seun Willem Adriaan as goewerneur opgevolg. Soos die meeste onderbetaalde Kompanjie-amptenare het W.A. van der Stel hom ook gewend tot privaathandel en grondbesit, en het hy ook sy amptenare toegelaat om hulleself te verryk. Die verskil is daarin geleë dat hulle dit gedoen het ten koste van die vryburgers. Die wyse waarop Willem Adria-

aan teen die vryburgers wat hierteen beswaar gehad het, opgetree het, het hom tot 'n soort ideale skurk-figuur, wat die verbeelding van menige romantiese spanningsverhaalskrywer aangegryp het, verhef. Die tydperk onder W.A. van der Stel leen hom egter tot meer as net ligte romantiese spanningsverhale.

Eerstens is daar ruim verhaalstof vir verhalende biografieë. Die lewe van Willem Adriaan wat soos sy vader 'n merkwaardige man was, maar wat beter onthou word vir die kwaad as die goed wat hy gedoen het, bied ideale stof vir 'n verhalende biografie. Hy het met groot ywer en Kompanjieslawe se hulp vir hom 'n spogplaas, Vergelegen, opgebou en ter selfdertyd het hy die grondslag gelê vir die veeboerderybedryf in Suid-Afrika. Sy welvaart, wat hy ten koste van die vryburgers opgebou het, het hom in botsing met hulle gebring. Rondom sy hantering van hierdie gebeure kan 'n sterk karakterverhaal gebou word. Daar kan besin word oor die intrinsieke motiewe wat hom die reg in eie hande laat neem het; wat hom ds. Kalden wat self ook 'n ywerige vryhandelaar was, laat verbied het om die Tien Gebooie voor te lees wanneer hy die kerkdiens bygewoon het; wat hom 'n ou man na Batavia laat verban het omdat dié nie die nodige respek aan hom betoon het nie. Willem Adriaan se huislike lewe was ook 'n gewilde onderwerp van die Kaapse skindertonge. Tas vertel in sy dagboek dat hy verneem het dat die goewerneur se vrou selfmoord wou pleeg en voeg dan daaraan toe dat dit waarskynlik te wyte was aan die goewerneur se belangstelling in ander vroue - 'n onderwerp wat beslis die moderne jeug se belangstelling sal prikkel. 'n Verhalende biografie oor W.A. van der Stel sal waarskynlik nie as 'n jeug-

verhaal kan kwalifiseer nie, aangesien hy ten tye van sy botsing met die vryburgers reeds ongeveer veertig jaar oud was. Sy seun en naamgenoot, Willem Adriaan, moes egter ongeveer sestien tot sewentien jaar oud gewees het en 'n biografiese verhaal kan rondom sy belewing van sy vader se doen en late gebou word.

Die lewensverhale van Van der Stel se vernaamste teenstaanders, byvoorbeeld die ses-en-twintigjarige Jacob Louw behoort ook goeie jeugverhaalmoontlikhede in te hou.

Die ontevredenheid binne die vryburgergemeenskap wat in twee kampe verdeel was en veral die wyse waarop kinders hierdeur geaffekteer is, bied moontlikhede vir realistiese verhale. Onderdrukking en opstand teen onderdrukking bevat noodwendig 'n element van avontuur. Daar was smokkelhandel met die skepe en die Hottentotte. Voeg hierby die feit dat struikrowery soos in Europa ook aan die Kaap toegeneem het en die tafel is gedek vir asemrowende avontuurverhale.

In teenstelling met die verskeidenheid ligte romantiese verhale, is die oes aan kinder- en jeugboeke wat in hierdie tydperk afspeel, besonder skraal.

Juliet Marais Louw het met Boy of two worlds wat in werklikheid 'n verhalende biografie is, 'n kinderverhaal geskep wat die gees van dié tyd op 'n besondere wyse weergee. Die elfjarige Jannie woon saam met sy ouers by sy ouma en oom Jacobus en dié se gesin op die familieplaas, Louwvliet. Jannie het 'n groot bewondering vir sy oom wat slegs veertien jaar ouer as hy

is. Oom Jacobus is ontevrede met die bepaling van die goewerneur dat die boere slegs hulle produkte aan die skepe mag verkoop nadat die amptenare hulle produkte van die hand gesit het. Sy vader, Pieter, is egter reeds van sy kinderdae af met die goewerneur bevriend en steun dus die goewerneur. 'n Rusie tussen die twee volwasse mans lei daartoe dat Jannie-hulle die plaas verlaat en met behulp van die fiskaal 'n klein plasie net buite die Kaap koop.

Jannie Louw leef nou in twee wêrelde en hy weet nie watter kant om te kies nie. Op aanbeveling van die goewerneur laat sy pa hom toe om op Louwvliet te gaan kuier sodat hy onbewustelik vir hulle as spioen kan optree. Sy oom vermoed dit egter en laat hom belooft dat hy niks van wat hy op Louwvliet sien of hoor aan sy pa sal vertel nie. Jannie bly dus tussen twee wêrelde en twee lojalitiet verskeur. Omdat hy elkeen se standpunt probeer begryp, kry die leser ook 'n objektiewe beeld van die gebeure. Wanneer die goewerneur na Nederland teruggeroep word, begryp hy sy pa se hartseer, maar weet ook intuïtief dat sy pa ook bly is dat sy broer weer vry is. Jannie se grootse wens is dat die twee families weer vriende moet word. Dit word egter bemoeilik deur die feit dat die goewerneur sy ouma se veeplaas, De Doornkop, gekonfiskeer en aan sy pa gegee het. Hy begryp sy ouma se woede daaroor, maar ook sy pa se redenasie dat dit ten minste op die manier in die familie bly. Ten slotte besef hy dat dit wel in sy vermoë is om die familietwis te beëindig. Wanneer hy volwasse is, sal hy met sy neef Adriaan, oom Jacobus se seun, vriende maak en so die familie weer verenig. Die verhaal het 'n spannende intrige wat gebou is om die vraag of Jannie in die strik gaan trap en

sy oom-hulle verraa. Spesifieke tonele kon egter meer spannend aangebied gewees het, byvoorbeeld waar Jannie die vryburgers moes gaan waarsku. Die karakters, en veral Jannie, oortuig en die leser voel of hy persoonlik by hierdie konflik betrokke is.

Die Engels is te moeilik vir die Afrikaanssprekende ouderdomsgroep op wie dit gerig is en die verhaal behoort derhalwe in Afrikaans vertaal te word.

Ook Dan Sleigh het met Vryburger Tas 'n objektiewe werk, wat ook as jeugverhaal uitstyg, rondom hierdie gebeure geskep. Anders as wat die titel suggereer is Adam Tas nie die hoofkarakter in die verhaal nie, maar wel sy sewentienjarige kneg Jacques (Jakie) Nel.

Dan Sleigh maak hier van 'n besonder geslaagde tegniek gebruik waardeur hy vir Jakie en dus ook die leser, die volle spektrum van die gebeure in hierdie onsekere tyd laat beleef sonder dat hy sy verhaal tot ongeloofwaardigheid moet manipuleer ten einde sy hoofkarakter op die regte plekke teenwoordig te laat wees. Jakie raak by die vryburgers se "saak" betrokke, want hy help vir Tas met sy skryfwerk. Omdat Tas en Jakie getuienis probeer inwin en elke gerug opvolg, kom 'n groot aantal gebeure ter sprake. Die feit dat Jakie alles moet neerskryf, oorweeg en dan 'n soort oordeel fel, of soos Tas dit stel, "advokaat wees", betrek die leser ook wesenlik by die vraag of die amptenare en die goewerneur wat boer die enigste skuldiges was en of die vryburgers werklik die reg gehad het om teen Van der Stel se optrede beswaar te maak. M.C.E. van Schoor se stelling dat die verhaal 'n taamlik eensydige beeld van die kant van die vryburgers gesien is, (Die Volksblad, 20 November 1980), word hierdeur as ongemotiveerd be-

wys. Saam met Jakie besef die leser die waarheid van meester Grevenbroek se stelling: "moet nie dink dat die vryburgers engele is, net omdat die goewerneur 'n duiwel is nie" (p.56).

Die werk handel ook met 'n dieper problematiek as net die stryd tussen die goewerneur en die vryboere. Wanneer Jakie en meester Grevenbroek die uithoeke van die kolonie besoek, kom hy onder die indruk van die verwoestende invloed wat die uitbreiding van die verversingpos tot 'n kolonie op die Hottentotte gehad het. Die tema van die verhaal word verwoord in Jakie se gedagtes toe hy na hierdie tog weer tuis kom en die Franschoekvallei voor hom sien uitstrek: "...maar hy sien die onreg wat mens teen mens pleeg, die sterke teen die swakke en hy weet dat dit sy werk sal wees om te praat namens die swak mense van die land, en dan verder te woon tussen die mense wat sy taal praat en die dinge ag waarvoor hy agting het" (p.58). Jakie kom dus hier tot die besef dat hy kan en moet veg vir die regte van andere sonder om sy eie regte of kultuur prys te gee.

Dat hierdie verhaal 'n historiese jeugverhaal is, wat aan ander norme as die geskiedenisboek beoordeel moet word, is klaarblyklik deur die resensente van Die Volksblad en Beeld uit die oog verloor te oordeel aan die volgende uitsprake: "Wel wil hy deur middel van die verhaal aan die jong leser sekere kernfeite aangaande die gebeure rondom Adam Tas en sy makers oordra soos ons dit veral in Tas se dagboek aantref" (Die Volksblad, 20 November 1980) en "Vir die jeug wat al klaar met Adam Tas-hulle op die skoolbanke kennis gemaak het, sal Dan Sleigh se verhaal lekkerder

lees as die geskiedenisboeke, maar miskien ook gouer vergeet word" (Beeld, 07 Januarie 1981).

Dan Sleigh slaag in Vryburger Tas daarin om 'n reeks feite uit 'n geskiedenis-handboek tot 'n lewende werklikheid te maak. Die leser beleef self die tyd waar diefstal, selfmoord, dwang en smokkelary aan die orde van die dag was en mense soos landdros Starrenburg ter wille van die gunste en gawes van die goewerneur, ver-raad teenoor sy eertydse vriende gepleeg het.

Wat historiese korrektheid aanbetref, getuig hierdie werk van deeglike navorsing. Ook die hoofkarakter Jakie Nel, deur Tas genoem Jacob Nel, is binne die konteks van die werk histories aanvaarbaar. Tas het wel 'n Blanke kneg met die naam Jacob gehad. Sy van word nêrens in die dagboek genoem nie. Dit is ook moontlik dat Jacob wel 'n Franse van kon gehad het, want 'n mens vind dit telkens in sy dagboek dat Tas Franse name verholands het. So noem hy Guillaume Niel byvoorbeeld Willem Nel. Dit is ook so dat Guillaume Niel en sy vrou Jeanne (Jannetjie) soms vir Tas met die plaaswerk en die huishouding uitgehelp het (Fouché, 1970, p.173). Of hulle werklik Jacob se ouers was, is nie belangrik nie, maar wel dat Sleigh dit as sodanig geloofwaardig aanbied, en dat elkeen van hierdie karakters lééf. Veral leer 'n mens die gemoedelike Tas, die fyn wyn- en mensekenner, maar juis die méns Tas ken, want aan Jakie bely hy: "Ek is geen held nie, Jakie. Ek het sommer die tweede of die derde keer toe die goewerneur by my kom ons klagskrif herroep en geteken. Ek was bang. Ek is nie dapper soos Louw en Van der Heiden nie" (p.126). Die kleurvolle omslag beeld die eertydse joviale Tas uit en is 'n lus vir die oog.

In direkte teenstelling met genoemde twee puik verhale, staan No wine for the Governor deur N.K. Lock en De Strijd om Recht deur D'Arbez. D'Arbez skryf sy verhaal om die groot verdrukker van die volk aan die man te bring en doen dit met stellings soos die volgende: "als men dit alles in de geschiedenis leest dan moet men zich selven afvragen of de dood van dien ongelukkigen niet door de ziel van Willem van der Stel verantwoord moeten worden."

Die hoofkarakters in die verhaal is weer eens die dogter van die sieketrooster Sybrand Mankedan en haar eggenoot Herculé du Prés met wie ons reeds in Die familie van die sieketrooster kennis gemaak het. Die verhaal van hulle betrokkenheid by hierdie gebeure is egter heeltemal ondergeskik aan die geskiedenis wat as losstaande hoofstukke aangebied word.

D'Arbez en Lock se verhale verteenwoordig twee pole van vooroordeel, alhoewel Lock se vooroordeel meer subtiel aangebied word. Tas word in No wine for the governor voorgestel as 'n onseker, besluitelose soort mens, wat dit reeds toe die goewerneur die eerste keer gedreig het om opstandige burgers op te sluit, oorweeg het om na Nederland terug te keer. Waarskynlik grond die skryfster hierdie beeld op die voorstelling wat van Tas in die Korte Deductie gemaak word. Hierin beweer Van der Stel dat Tas maar 'n misrabele figuur tydens sy verhoor geslaan het. Die korrektheid en objektiwiteit van hierdie bewerings kom sterk onder verdenking as in aanmerking geneem word dat Van der Stel net 34 van die 118 vrae wat aan Tas gestel is, en die antwoorde wat hy daarop verstrek het, in die Korte Deductie opgeneem het.

Verdienstelik in hierdie werk is die gevoelvolle uitbeelding van Jacob van der Heiden se verblyf in die Donkergat. Die leser beleef saam met hom die verstikende lug, die klam bedompigheid, die eindelose ure van huiwering op die rand van slaap en wakkerwees, terwyl die koors deur sy liggaam woed, totdat die klimaks bereik word met sy ineenstorting toe hy met die pynbank gedreig word.

Een van die eerste historiese verhale wat in Afrikaans verskyn het, Johannes van Wyk deur J.H.H. de Waal, speel ook in hierdie tydperk af. Die negentienjarige Johannes van Wyk word deur sy stiefbroer gehaat. Toe hulle in dieselfde meisie belangstel, besluit Gert om doeltreffend van Johannes ontslae te raak deur hom in onguns by die goewerneur te bring. Johannes word in die kasteel opgesluit, maar ontsnap met behulp van die tronkbewaarder se dogter. Hy skuil as plaashulp by 'n Hugenote-familie wat toevallig ook die vriende van sy droomnoui is. Na Van der Stel se terugroeping na Nederland kan hy sy liefde aan Hester verklaar en terugkeer na die Kaap.

Die verhaal het 'n spannende intrige, maar die spanningslyn word telkens verbreek deur lomp dialoog, hoogdrawende taal en toevallighede. Dit slaag wel as historiese verhaal. Behalwe aan die begin waar die agtergrond geskiedenis van die Kaapse nedersetting geskets word, vorm die historiese gebeure 'n integrale deel van die verhaal.

In die meeste verhale wat in die tyd afspeel, word die gebeure op eensydige wyse vanuit die oogpunt van die vryburgers belig. In Herculés des Prés deur Anna de Villiers is die eensydige uitbeelding aanvaarbaar, want die karakters wat in die verhaal lééf, is die vrybur-

gers en die gebeure word vanuit hulle perspektief weer-gegee. Die veroordeling van die goewerneur en sy amp-tenare word deur die karakters vanuit hul eie milieu uitgespreek en nie van buite af deur die skryfster nie. Die gebruik van dialek en archaïsmes is funksioneel, want dit dra by tot die besondere atmosfeer van die verhaal.

In 'n reeks van drie verhale, Die blou soldate pak, Die rooi geruite rok en Die neef van die goewerneur skep Mikro 'n geloofwaardige fiktiewe karakter in die persoon van die neef van die goewerneur. Dit is 'n avontuurreeks want die klem val op die gemaskerde Jan van Wannenburg se waaghalsige pogings om die goewerneur te uitoorlê en die vryburgers te help. Elke verhaal in die reeks vorm 'n afgeronde eenheid en alhoewel die leser reeds aan die einde van die eerste verhaal weet wie die gemaskerde soldaat is, word die spanning behou tot aan die einde van die laaste verhaal. In die laaste verhaal in die reeks speel toeval 'n te groot rol.

P. Coetzee maak in Die Rooi Arend ook gebruik van 'n gemaskerde weldoener as hoofkarakter, maar hierdie verhaal is 'n goeie voorbeeld van alles wat 'n historiese verhaal nie behoort te wees nie. Daar is geen duidelike motivering vir die jong Fransman, Armand du Pré, se rol as gemaskerde held nie. Hy woon nog maar enkele maande aan die Kaap en tog jaag hy snags die wêreld vol sonder dat hy gekortwiek word deur sy gebrek aan kennis van die terrein. Hy bevry selfs gevangenes uit die Kasteel terwyl hy nog net eenkeer van te vore in die Kasteel was. Die historiese geloofwaardigheid van die verhaal word verder verminder deurdat Jean du Bois, die sekunde, verantwoordelik is vir die petisie wat lei tot

die ontslag van W.A. van der Stel. Die korrekte historiese feite is dat die sekunde, Sameul Elsevier, saam met Willem Adriaan van sy pos onthef is. Die karakterbeelding is oppervlakkig en die intrige swak gestruktureer omdat die leser te vroeg in die verhaal ingelaat word in die geheim van die Rooi Arend.

Die Veeboer-Trekboerpioniers

Van W.A. van der Stel se bydrae tot die uitbreiding van die kolonie deur die aanmoediging en toekenning van gratis weilisensies aan veeboere, word uiteraard nie melding gemaak in die verhalende literatuur nie, omdat dit nie skouspelagtig genoeg is nie. En tog is dit juis hierdie sy van sy goewerneurskap wat nuwe moontlikhede vir die kinder- en jeugverhaalskrywer open. Met die voortdurende trek van die veeboer en sy huisgesin al dieper die binneland in is 'n nuwe geslag kinders gevorm. Anna Böeseken vertel in Onder suidersterre van die sestienjarige Andries van der Walt wat reeds sy eie weiplaas gehad het. Sy broers en susters waarvan die oudste maar veertien was, bly alleen op die plaas agter terwyl hul moeder en haar aanstaande eggenoot na Kaapstad afreis om te gaan trou. Sy beskryf hierdie geslag kind as volg: "Die kinders van die veeboere was reeds vroeg selfstandig, want hulle het in die skool van die lewe geleer. Van die dogters het op veertien of vyftien getrou en die seuns is op sestienjarige leeftyd as vryburgers ingeskryf. In tye van gevaar was daar seuns wat reeds op vyftienjarige leeftyd aan die sy van hulle vader geveg het en ook jonger seuns het reeds hulle man gestaan en Pa gehelp met die versorging van die beeste en skape" (p.71). In kontras hiermee moes hulle ouderdomsgenote

in die Kaap onder goewerneur De Chavonnes 'n verpligte aantal ure skoolgaan en nog die twee halwe dae per week wat daar nie skool was nie hulle onder toesig van onderwysers met "eerlijke speelen" vermaak (Böeseken, 1981, p.77). Die veeboerkinders het ook onderrig ontvang aan die hand van swerwerskoolmeesters, wat enigiemand kon wees vanaf 'n kneg tot 'n droster soldaat, solank hy maar kon lees en skryf. Dat die gees en die atmosfeer van hierdie skoolgangery grotendeels van die georganiseerde skool in die meer beskaafde dele verskil het, val nie te betwyfel nie.

Baie min kinder- en jeugverhaalskrywers het egter nog gepoog om hierdie gees van onverskrokkenheid en ongebondenheid van die veeboerkind in verhale vas te vang. Iets van hierdie gees kom wel tot uiting in Die bergstroom ruis deur D.F. Malherbe waar August Fenting met sy gesin die wildernis intrek om daar 'n plaas te vestig. Die oudste seun Kobus is die onverskrokke jager wat vir geen leeu stuit nie, maar geen erg daaraan het om te leer lees en skryf nie. Die jonger Piet is die boer wat saam met sy vader vreugde daaruit put om die grond self te tem. Die intrige word nie net gebou om die makmaak van die ruwe wêreld nie, maar om die voortdurende stryd tussen die twee broers.

In die verhaal deur Nickey van Schalkwyk Die geheim van die bergvolk realiseer hierdie ontembare onverskrokkenheid van die veeboerkind tot 'n spannende verhaal. Die dertienjarige Braam Beyers laat hom deur sy niggie Amalie oorreed om na die legendariese Wit Xhosa-koningin te gaan soek. Hulle togleier is Paskwal, 'n beskaafde Hottentot, Die vyftienjarige Sipho, 'n Swart seun wat deur Braam en Amalie se oom en tante grootge-

maak is, voeg hom ongenooïd by die ekspedisie. Gou is dit duidelik dat of Siphó, of Paskwal 'n verraaier is, want hulle kos verdwyn op onverklaarbare wyse. Toe Braam hulle daarmee konfronteer, eis Paskwal dat hulle sy leiding moet volg en Siphó besluit om terug te gaan. Kort daarna verdwyn Paskwal ook. Alhoewel die kinders nog nie weet wie die verraaier is nie, word dit aan die leser geopenbaar deurdat Siphó na die sendeling en na hoofman Radebe gaan om hulp te ontbied, terwyl Paskwal na die kraal van die oorlogsugtige Mathambo gaan aan wie hy onderneem het om 'n Witkind uit te lewer. Daardeur is die spanningslyn egter nie verbreek nie, want 'n nuwe intrige word dadelik geskep. Twee groepe word na die kinders uitgestuur en die leser weet nie of dit Radebe of Mathambo se krygers is wat eerste by hulle uitkom nie. Eers na 'n konfrontasie tussen die twee groepe waarin Braam gedwing word om kant te kies, kom die leser agter dat dit Radebe se krygers is wat hulle eerste bereik het. Dan volg die interessante ontknoping waar die kinders die Wit koningin ontmoet en vasstel dat sy 'n skipbreukeling was wat reeds vanaf haar tiende jaar onder die Xhosas wat haar as 'n raadgeefster gebruik, woon. Ook die geheim van Siphó se afkoms word geloofwaardig ontrafel.

Die verhaal word egter ontsier deur taal-anachronismes. Mathambo word 'n Xhosa terroris genoem wat die kinders as gyselaars sal aanhou. Siphó sal altyd renegaat bly. Die taal wat die kinders besig, pas ook nie altyd by hul ouderdomme nie.

Dit is nogtans 'n spannende verhaal met boeiende intriges en geloofwaardige karakters. Braam ontwikkel van 'n bang seun tot iemand wat die verantwoordelikheid van

besluitneming op hom kan neem, en Sipho spel sy keuses vir hom baie duidelik uit: "Jy sal moet besluit wie jy kan vertrou, want dis jou besluit wat jou en jou niggie wat kom soek het na avontuur se lewens kan red - of beëindig" (p.48).

In Pebble in a sling deur Heinz Winckler vestig David de Villiers hom na 'n rusie met sy vader in die land van Waveren. Dit is 'n erg geromantiseerde weergawe van die lewe van die veeboerpioniers. Verder is David 'n tipiese stereotipe held wat altyd ongeskonde uit talle avonture tree. Die illustrasies lewer nog 'n historiese, nog 'n artistieke bydrae tot die werk.

C.J. Langenhoven gebruik ook die tipiese pionierslewe as verhaalstof in Die lig van die verre dae. Die verhaal neig na die melodramatiese en is uit 'n historiese oogpunt nie van veel waarde nie.

In Ngonyama keer terug deur Nickey van Schalkwyk is die twaalfjarige Kristof en die slaweseun Kobo lede van 'n strafekspedisie teen die Boesmans. Die intrige is gebou rondom hulle stryd met 'n ander slaaf wat hul teenwoordigheid op die ekspedisie as ongewens beskou. Die feit dat een van die Boesmarkarakters Heitsi Eibib heet, is tiperend van die talle inkonsekwentheid in die verhaal (Heitsi Eibib, is 'n halfgoddelike, halfmenslike wese in die Hottentotmitologie).

Die probleme van die veeboerpioniers word vanuit 'n unieke hoek belig in G.W. Eybers se verhaal Die lotgevalle van Dominik die fortuinsoeker. Hans Dominik is 'n beroepsoldaat uit Sleeswyk-Holstein wat by 'n boere-meisie kuier. Volgens hom is die meeste van die boere

se klagtes ongegrond, want hulle is baie meer welvarend en werk ook nie naastenby so hard as die Europese boere nie. Die pioniersgees word uitstekend vergestalt in die sewejarige Bennie Viljoen wat op eie houtjie die Boesmanveediewe agternasit. Die toneel waar hy sy mening lug oor wat hy en sy pa van die Kompanjie-amptenare dink, sonder om te besef dat hy met die sekunde praat, is kostelik. Dit is 'n historiese verhaal wat meer op die realistiese as die avontuurlike gegrond is. Dominik se lewensverhaal vorm die intrige. Ten spyte van onnodige detail oortuig en boei die verhaal.

In Shoot the popinjay deur Mary Phillips maak die leser kennis met die ongetemde Adriaana Houtman (17). Sy speel 'n aktiewe rol in smokkelhandel met die Hottentotte. Sy onderneem ook 'n tog op soek na die stad Monomotapa, word ontvoer en beland in die grotte wat deur melaatse Hottentotte bewoon word. Dit is 'n boeiende avontuurverhaal met oortuigende karakterbeelding. Adriaana ontwikkel van 'n eiewyse tienderjarige tot 'n verstandige, maar tog verleidelike vrou.

Die "Swart Tydperk" in die Kaapse geskiedenis.

Die feit dat W.A. van der Stel en hoë amptenare van die Kompanjie van hulle poste onthef is, het egter nie beteken dat 'n einde aan alle korrupsie deur amptenary gemaak is nie. Die Kompanjie het wel vanaf die 1720's al strenger teen amptenary en wetsoortreders begin optree. Daar is al hoe meer op die winsmotief in die bestuurstrategie gekonsentreer en menswaardigheid is in 'n toenemende mate ondergeskik aan materiële gewin gestel. Die toestande aan die Kaap was geen uitsondering nie en verhare wat uit hierdie tydperk spruit,

hetsy avontuurlik of realisties, sal noodwendig die stempel van hierdie verontmensliking van die mens moet dra, indien dit die atmosfeer van die tyd wil weer-spieël. In hierdie tydperk leen veral die stigting van 'n handelspos te Delagoabaai en die burgeropstand onder leiding van Estienne Barbier hulle tot avontuurverhale.

Dan Sleigh se verhaal Fort Lydsaamheid wat gedurende die regeringstyd van goewerneurs De Chavonnes, Noodt en De la Fontaine afspeel, handel oor die stigting van 'n handelspos te Delagoabaai. In Februarie 1721 is veertig man na die hawe Rio de la Goa gestuur om dit in die naam van die Kompanjie te gaan beset en 'n verversingspos daar te stig. Die hele onderneming word 'n stryd om voortbestaan wat die beste en die slegste in manne soos Van Taak die eerste Kommandeur, sersant Muller, die jong korporaal Johannes Monna, Jan van den Capelle en Roger Freneau te voorskyn bring. Hier in Delagoabaai bou hulle 'n fort wat hulle gepas Fort Lydsaamheid noem. Een na die ander sterf van die koors en ekspedisies wat met groot verwagting en nog groter ontbering na die fabelagtige ryk van Monomotapa gaan soek, keer met leë hande terug. Op die koop toe beset seerowers die fort. Maar Jan van den Capelle, vierde kommandeur van Fort Lydsaamheid, laat hom nie onderkry nie, selfs nie as een derde van sy garnisoen by 'n gewapende opstand betrokke is en hy twee-en-twintig moet teregstel nie.

Anna van Zyl beskou Fort Lydsaamheid as een van Dan Sleigh se mees geslaagde werke, en sê onder andere van hierdie verhaal: "Die hoofkarakters is goed geteken. Hulle word eg en oortuigend gebeeld, en die hele ellendige verhaal van die onbekende stukkie geskiedenis word

feitlik sintuiglik waarneembaar. Met dié boek is 'n klompie historiese figure uit die vergetelheid gered. Maar Fort Lydsaamheid bly nie net geskiedenis nie. Dit word 'n lewendige verhaal van hoop en wanhoop, van deursettingsvermoë ten spyte van mislukkings, van die aftakeling van 'n man se menswaardigheid in hierdie omstandighede, 'n verhaal dus van warmbloedige mense" (Die Volksblad, 25 November 1974). Die resensent van Beeld huldig egter 'n ander mening met betrekking tot Fort Lydsaamheid: "Veel meer as 'n boekstaving van hierdie groepie pioniers se wanhoop, deursettingsvermoë en mislukkings is hierdie roman egter nie" (Beeld, 3 Oktober 1974). Myns insiens slaag die werk vanweë sy fragmentariese aard nie werklik as verhaal nie. Die spanningslyn word telkens verbreek omdat daar van die een karakter na 'n ander geflits word. As jeugverhaal sou die werk beter geslaag het as dit rondom 'n sentrale karakter gebou was. Daar is veral twee karakters wat uitstekend sou kon dien as 'n hoofkarakter, naamlik Johannes Monna en Jan van den Capelle. Vir die jong korporaal Monna is werk 'n lus. Verder gebruik hy elke daalder van sy inkomste om sy pa en sussie uit die armhuis in Holland los te koop. Maar na agt jaar se sweet op Fort Lydsaamheid vind hy uit dat hulle reeds ses jaar tevore in 'n brand gesterf het. Selfs die weerbarstige en dikwels onbeskofte Jan van den Capelle in sy stryd om van "geweet" te wees, sou kon deug as sentrale punt waarin al hierdie verhale van wanhoop, maar ook van deursettingsvermoë, saamgebind kon word tot 'n onvergeetlike geheel.

Fort Lysdaamheid gee die leser egter net 'n voor-smakie van die minagting waarmee 'n menselewe in hierdie veelbewoë dae van die Kompanjieregering bejeën is.

De la Fontaine se dood in 1737 lei die sogenaamde "Swart Tydperk" in die geskiedenis van die Kaap in. Van Kervel, De la Fontaine se opvolger sterf na net drie weke, fiskaal Van Henghel word waarnemende goewerneur maar die Here XVII wys vir Swellengrebel aan as goewerneur tot Van Henghel se groot verbittering. Fiskaal Van Henghel se onmenslike optrede teenoor wets-oortreders het hom een van die mees gehate fiskale in die geskiedenis van die Kaap gemaak. Maar omdat hy as Fiskaal Independent heeltemal onafhanklik was, het die goewerneur nie die mag gehad om in te meng in sy onmenslike strawwe nie, So, byvoorbeeld, is die Fransman Etienne (ook bekend as Estienne) Barbier onthoof nadat sy regterhand afgekap is. Sy liggaam is gevierdeel en langs die hoofpaaie uitgestal om ander voornemende opstandelinge af te skrik (Böeseken, 1981, p.74).

Dan Sleigh het twee verhale rondom hierdie tyd van verskrikking geskep. 'n Kanon vir Barbier is die verhaal van Guillaume de Buisson wat die voorste lid van sy skietvinger met 'n sekel afgesny het omdat hy nie kans gesien het vir die oorlog teen die Boesmans nie. Fiskaal Van Henghel laat hom arresteer omdat hy sogenaamde Kompanjie-eiendom beskadig het. Guillaume word saam met twee ander "misdadigers" gestuur om 'n kanon per vlot op die Bergrivier na St Helena te neem. Die idee is om die kanon vir Barbier as lokaas te gebruik. Gedurende hierdie selfmoordtog op die Bergrivier word die jong Guillaume 'n man. Die verhaal kan beskryf word as 'n historiese-avontuurverhaal. Ongelukkig word die spanningslyn telkens verbreek deur onnodige dialoog. Guillaume en sersant Muller word as mense uitgebeeld en die tienerleser sal met Guillaume, wat

sy vrees oorwin en 'n man word, kan identifiseer.

In 'n Man om te hardloop het die hoofkarakter Jan Ras, ook bekend as Duinemol, 'n onnatuurlike vrees vir vuur oorgehou nadat sy familie in 'n bergbrand uitgewis is. In die weeshuis maak hy amok elke keer as daar uit die Bybel van vuur en swael gelees word omdat hy glo die duiwel self leef in die vuur. Duinemol beskik ook oor die buitengewone vermoë om so vinnig en aanhoudend soos 'n perd te hardloop, daarom word hy dikwels as boodskapper gebruik: Eers deur sy aangenome broer om die laaste twee Strandlopers na veiligheid te lei; dan deur Rooiman om 'n onwettige veeruiltransaksie te gaan reël. Daarna hardloop hy vir Barbier om plakkate waarin die opstandelinge hulle saak stel by vader Jaime te gaan haal. En toe alles verby is, hardloop hy net vir homself, eers omdat die bangheid hom gestuur het, daarna omdat hy die vrees oorwin het. Wanneer Rooiman Etienne se gepekelde kop aan hom wys, hardloop hy om Etienne se liggaam met vuur te reinig. Hy het nou reeds vrede gemaak met vuur, want hy het ook die Strandlopervrou van 'n langsame gifdood gered deur haar met vuur en swael te deurboor.

'n Man om te hardloop is ook die verhaal van Etienne Barbier - die sersant oor vier-en-twintig kannoniers wat op 'n dag 'n spookskip sien, daarop lostrek en toe deur Van Henghel in hegtenis geneem word oor die vermorsing van kruit. Hy stry 'n stryd, nie net teen die Kompanjie nie, maar ook teen homself en hy verloor albei. Hierdie verhaal is geen romantiese, fiktiewe skildering van die lewe aan die Kaap nie, maar die uitbeelding van die koue, harde werklikheid. Die mens

Van Henghel word in een enkele sin gebeeld: "Toe Duine-mol wegdraf, dink hy: Dan is dit hoe die fiskaal gaan regeer. Mens en dier is nou gelyk" (p.48). "Die verhaal word interessant en oortuigend vertel" (Die Volksblad, 18 Desember 1973), "maar dit is veel meer as 'n vernuftige relaas van boeiende gebeurtenisse. Vir my gaan dit om die wyse waarop Dan Sleigh die gryse verlede weer laat lewe. Sy beeldryke taal is 'n verdere vreugde. Byvoorbeeld: sy humeur is die afgelope tyd soos hardekool onder as: hittig en rooi deur 'n dun dekking ... Die verwysing is na Barbier, die opstandige soldaat. Daar is heerlike atmosfeer-woorde: op die reede, reduit, sundgat, affuit, om 'n paar te noem. Daar is bondige beskrywinge van ou-ou bedrywig-hede en so dat 'n mens dit voor jou sien. Hier is 'n boek wat 'n mens kan lees, en nog 'n slag lees. Vir die lekkerte van die taal, vir die pittige raakheid daarvan. 'n Skrywer wat so baie met so min woorde sê, het inderdaad veel meer te sê" (Die Burger, 22 November 1973).

Coen Gerber se verhaal oor Barbier getiteld Die dros-ter van Drakenstein is 'n oppervlakkige geromantiseerde weergawe van die gebeure. In die verhaal spring Barbier die dood vry en sit sy lewe voort as die Boesmanjagter, Louis Bester. Die skrywer laat egter na om op gemotiveerde wyse 'n lyk in die plek van Barbier te voorsien, want hy is beslis tereggestel en sy gevierdeelde liggaam tot waarskuwing van ander opstandelinge ten toon gestel.

Dan Sleigh het met hierdie drie verhale die geskiedenis in die tyd van die V.O.C. in chronologiese perspektief geplaas. Vanweë die sillabusindeling vir Geskiedenis as skoolvak, verkeer 'n mens te dikwels onder die indruk dat daar net vyf kommandeurs of goewerneurs in hierdie tyd geregeer het, naamlik Van Riebeeck, Simon

van der Stel, W.A. van der Stel, Tulbach en Van Plettenberg. Dan Sleigh laat 'n mens besef watter magdom van interessante gebeure in die "tussen-tydperke" opgesluit lê.

Karel Kielblock se verhaal Vaandrig Freyn speel ook in die tyd van goewerneur Swellengrebel af. Freyn word na Tamboekieland (Thembuland) gestuur om die muiter Roerden en sy gevolg te gaan vang. Broksgewys ontvou ook die verhaal van die lot wat hom en sy ouers as skipbreukelinge getref het. As enigste oorlewende het hy tussen die Gonakwa Hottentotte gebly totdat hy as twaalfjarige seun weer die beskawing kon bereik. Dit is 'n goedgestruktureerde avontuurverhaal, waarin 'n goeie beeld van die lewe aan die Kaap in die agtiende eeu gegee word.

Swellengrebel is in 1751 deur Rijk Tulbach as goewerneur opgevolg. Hy het die erenaam Vader Tulbach ten volle verdien, nie alleen vanweë sy eerlike bestuur nie, maar omdat hy die regswese opgehef het uit die vlak van dierlikheid waarin dit in die tyd van sy voorgangers verval het. Sy goewerneurstydperk bied veral moontlikhede vir realistiese verhale waarin kinders en jongmense se persoonlike betrokkenheid by die pokke-epidemies of die prag-en-praalwetgewing uitgebeeld word.

Die kinder-en jeugverhale wat in hierdie tydperk afspeel, is egter van weinig letterkundige of historiese waarde. J.J.G. Grobbelaar het 'n ligte spanningsverhaal oor seerowery, ontvoerings en liefdesintriges onder die titel Pêrels en Pruike geskep, maar die karakters is leeg en baie gebeure is ongemotiveerd.

Ook Adriaan de Nys deur Karel Kielblock is nie veel meer as 'n ligte romantiese verhaal teen 'n historiese agtergrond geplaas nie. In Santie Grosskopf se kort-verhaaltjie Een aand in 'n Kaapse huis, 1755 wat deel is van die bundel My eerste groot boek oor ons land word 'n agtjarige dogtertjie se reaksie op Tulbach se prag-en-praalwette realisties en gevoelvol uitgebeeld.

Die regeringstyd van goewerneur Joachim Van Plettenberg, bring die verhaalatmosfeer weer terug na die vlak van die era voor Tulbach, toe menselewens ondergeskik aan die materiële belange van die Kompanjie gestel is. Die botsings tussen Van Plettenberg en die vryburgers en die beëindiging van sy korrupsie deur middel van 'n burgerklagskrif, bied soos in die geval van W.A. van der Stel uitstekende moontlikhede vir avontuurverhale. Daar is egter ook ruim geleentheid vir realistiese verhale.

'n Realistiese verhaal wat veral op persoonlike belewing van die wrede tydperk gebou is, is Korporaal Woltemade deur Pieter W. Grobbelaar. In Mei 1773 strand De Jonge Thomas wat ten spyte van Kompanjieregulasies in die gevreesde stormtyd in Tafelbaai voor anker gelê het. Kompanjiesoldate word na die strand gestuur, nie om die skipbreukelinge te probeer red nie, maar om die Kompanjie se eiendom teen plunderaars te beskerm. Om voornemende oortreders af te skrik, word 'n galg daar en dan op die strand opgerig. Wolraad Woltemade wat weet dat sy seun diens doen, bring vir hom warm sop. In die weergawe van hierdie toneel is dit juis die eenvoud in vertelstyl en dit wat nié gesê word nie, wat tref.

"Terwyl die seun drink, staar die vader na die skip.

'En die mense?' sê hy.

Korporaal Woltemade laat die kruik sak. 'Ek weet nie, Vader,' antwoord hy verontskuldigend. 'Ons is so besig met die goed wat uitspoel.'

'Ek sien so, ja.'

Die ou Woltemade het omgedraai."

Nie alleen word melodrama hokgeslaan nie, maar die ontsetting van die miskenning van menselewens word beklemtoon deur die styl wat Grobbelaar gebruik om die res van die gebeure te verhaal.

Hy laat 'n siniese briefskrywer, wat die gebeure as 'n opelugaanbieding van 'n opéra comique vertolk, vertel: "Die hoofspeler was 'n ou man van om en by die vyf-en-sestig jaar... Soos 'n egte karikatuur van Cervantes se Don Quichotte (wat hy waarskynlik bedoel was om te wees) loop hy die Dood storm asof dit 'n windmeul is. Hy swem naamlik met sy perd in deur die stormsee na 'n gestrande skip toe en bring twee skipbreukelinge na veiligheid; hy swem 'n tweede keer in en bring nog twee; hy swem 'n derde keer in en bring nog twee....; hy swem 'n sewende keer in en bring nog twee. Toe swem die ou man met sy perd die agste maal in en meteens is alles anders... maar ek moet sê die einde is dramaties genoeg met 'n gebroke skip in die agtergrond en baie lyke soos lappoppe in die water... en die soldate op die strand wat moet bontstaan om die uitgespoelde goedere bymekaar te raap. Die soldate, ja. Kostelik! Hoe is die moontlikhede van opera comique tog nie tot die uiterste uitgebuit nie. Verbeel u: die dappere bewakers van die vaderland en sy handelsryke van verre word voorgestel in die rolle van lakeie-van-die-hebsug, redders en bewakers namens hul

meesters van 'n klompie stormvoos kiste en vate handelsware en 'n paar draggies wrakhout, terwyl daaromheen grootskeeps gesterf word."

Woltemade se heldedaad word ook in Die groot Afrikaanse heldeboek deur Pieter W. Grobbelaar en in Mooi Annie deur D'Arbez verhaal, maar beslis nie op dieselfde aangrypende wyse as in Korporaal Woltemade nie.

Soos die titel aandui, is Korporaal Woltemade eintlik die verhaal van Christiaan Woltemade, seun van Wolraad. Op 'n jeugdige leeftyd word hy reeds korporaal, maar omdat hy nie geld het om die korporaalsuitrusting aan te koop nie, verpand hy sy neus aan sersant Donker. Hy bly in gebreke om die geld terug te betaal en sersant Donker stuur hom na Monsieur wat hom in die spesery-smokkelhandel inlyf. Korporaal Woltemade leef egter voortdurend in die vrees dat sy vader van sy bedrywig-hede te hore sal kom. Sy vader het hom immers geleer dat 'n mens jou nie oor die dood moet bekommer nie, maar wel oor h  e jy leef en h  e jy sterf (p.3). 'n Leuse wat Wolraad self uitleef toe De Jonge Thomas strand. Terwyl Christiaan sy vader se heldedaad gadeslaan, verwag hy elke keer 'n hand op sy skouer en 'n stem wat s  : "Dis mos jou vader daardie. Hoekom los jy hom nie 'n slag af nie." As perd en ruiter na die agste keer nie weer te voorskyn kom nie, slaan hy blindweg 'n koers in.

Deur die heldedaad van sy vader word die onseker jong man in 'n lewenskrisis gedompel. Eers besorg dit hom die onverwagte en onverdiende heldeverering van 'n stad, maar toe dit oorwaai en hy deur kaptein Vervoord

as lafaard gebrandmerk word, besef hy hoe eensaam hy werklik is. Kaptein Vervoord sterf kort hierna op onnatuurlike wyse en omdat omstandighedsgetuienis teen hom is, vlug Christiaan op aanbeveling van die slaaf Samoudien. In die uithoeke van die kolonie vestig hy hom as onderwyser op Ma-Betta se plaas, totdat Samoudien se vlug hom vrymaak en hy na die Kaap terugkeer.

Korporaal Woltemade is veel meer as "... 'n boek wat sal byval vind by die mense wat graag Pieter Grobbelaar se moderne verhale van geskiedkundige gebeure lees" (Beeld, 28 Maart 1979). Die leser leer nie net vir Christiaan as mens ken nie, maar kry ook 'n kykie in die alledaagse lewe aan die Kaap: smokkelhandel, omkoperij en onmenslike strawwe. Wanneer Christiaan aanbied om vir die droster-slaaf Samoudien voorspraak te wees by die goewerneur, antwoord Samoudien: "Ek weet hoe hulle die skerpste van 'n houtpen diep in jou onderlyf slaan en jou laat sit in pyn en bloed totdat die dood kom donker maak" (p.72). Ingeweef in die verhaal is ook die verskille tussen die Kapenaars en die veeboere, die grootwordstryd van 'n seun en die vrywording van 'n mens uit bande wat hy vir homself geskep het. Emosies en atmosfeer word uitmuntend in die illustrasies vasgevang. Dis 'n verhaal met fyn humor, satire, wanhoop en hoop wat vir die jongvolwassene 'n onvergeetlike leeservaring kan wees. Die enigste insinking in die verhaal is Monsieur se relaas oor die handel aan die Kaap omdat dit te ooglopend aangedik is.

Wolraad Woltemade se heldedaad word ook deur D'Arbez slegs as aanknopingspunt vir sy verhaal Mooi Annie gebruik. In die voorwoord tot sy Afrikaanse vertaling sê P.C. Schonees van hierdie verhaal: 'Dit voldoen wel

nie aan die eise van 'n moderne historiese roman nie, maar vir die rypere jeug sal dit altyd aantreklike lektuur wees en terselfdertyd 'n kursus in "geskiedenis sonder trane". In die begin tree Wolraad Woltemade op en met sy laaste rit na die Jonge Thomas red hy die meisie wat hoofpersoon van hierdie roman is. Ons kry verskillende kykies in die geskiedenis wat gewoonlik los staan van die verhaal, of net met 'n dun draadjie daaraan verbind is. Dit is nie die werk van 'n skeppende kunstenaar wat met sy besielende asem lewe blaas in droë doodsbeendere nie, maar 'n poging om vermaak en nutte lering te kombineer. ...D'Arbez het 'n aangename verteltrant en hy sorg vir die nodige spanning wat die jongspan die lus moet gee om sy brokstukke geskiedenis te lees (p.ix, x).' Dat hierdie verhaal byval gevind het by die lesers, blyk uit die feit dat die Afrikaanse vertaling agt herdrukke beleef het waarvan 24,000 eksemplare verkoop is. In Huis en Haard van Julie 1926 laat 'n kritikus hom ook as volg oor Mooi Annie uit: "Toe ek 'n skoolseun was het ek "Mooi Annie" gelees en om eerlik te wees ek het die boek van begin tot end geniet ... Wat 'n aantrekkingskrag het daar nie in die boek gesit nie" (Nienaber, 1936, p.62).

Die stryd tussen Van Plettenberg en die vryburgers vorm die verhaalinhoud van The nineteenth burgher deur Mary Phillips. Alhoewel dit 'n avontuurverhaal is en die geheimsinnige negentiende burger nie in te veel diepte uitgebeeld kon word nie, aangesien dit sy identiteit sou verrai, kan die leser hom nogtans met die hoofkarakters en die ondersteunende karakters identifiseer. Die redes waarom die negentiende burger agter 'n masker skuil is goed gemotiveerd. Die heldedade word

realisties aangebied. In plaas van om oor bomenslike vermoëns te beskik soos wat so dikwels in hierdie tipe verhaal die geval is, uitoorlê hy die dragonders liewer met Maleise hallusinasies en gesonde verstand. Die verhaalstruktuur is goed beplan - daar is geen los drade of insidente wat nie sinvol by die verhaal inskakel nie.

Die voorkoms van die stofomslag is oninteressant ten spyte van die feit dat dit die atmosfeer van die verhaal goed raakvat. Die Engels is te moeilik vir die gemiddelde Afrikaanssprekende leerling van ongeveer vyftien jaar. Derhalwe behoort hierdie verhaal in Afrikaans vertaal te word.

Mijnheer Jakkals deur Mike Heine het ook 'n gemaskerde held as hoofkarakter. Dit is egter niks meer as 'n ligte ontspanningsverhaal nie.

Die laaste jare van die V.O.C.-bewind

Die vryburgers het ook van Van Plettenberg ontslae geraak, deur 'n klagskrif aan die Here XVII voor te lê. Met sy afsetting reeds was dit duidelik dat die glorie van die V.O.C. besig was om te taan. In hierdie laaste jare van die V.O.C. toe wanbesteding en korrupsie aan die orde van die dag was, speel Dan Sleight se jeugverhaal Anselm en die Jut af.

Na 'n skipbreuk in die monding van die Soutrivier, bevind die jong adelbors Rupert Anselm hom in die Kompanjehospitaal - geboei en van moord aangekla. Daar was slegs twee ander mense saam met hom op die skip en die dokter beweer dat hulle albei aan meswonde beswyk het

voordat hulle in die see beland het. Die skatkis wat aan boord moes wees, word ook vermis. Volgens wet word die gestrande skip sy eiendom, maar dan moet hy verantwoordelikheid aanvaar vir al die voorafgaande gebeure aan boord. Anselm doen dit en terwyl hy sy verhoor afwag, begin hy om sy skip weer vlot te maak. Terwyl hy hiermee besig is, daag die Jut daar op. Die Jut is 'n half wilde seun wat die Jut genoem word omdat hy op die strand aas en steel soos die strandjutte. Anselm vermoed gou dat dit die Jut is wat die skatkis verwyder en die skip geanker het. Tog ontwikkel daar 'n soort vriendskap tussen hulle. Terwyl sy skip voltooiing, nader, maak Anselm ook vriende met die soldate van fort Uitkijk en met sersant Jan Steenkamp en sy niggie Liesbet. Anselm en die Jut is in die eerste plek 'n avontuurverhaal. Spanning word geskep deur die onsekerheid of Anselm wel verantwoordelik was vir die moorde op die Veenwyk. Die leser word hierdeur in die duister gelaat tot byna aan die einde van die verhaal. Tog word hierdie swaard wat oor Anselm se kop hang gedurig op die voorgrond gehou deur die fiskaal se gereelde besoeke. Die leser identifiseer en simpatiseer in so 'n mate met Anselm dat sy bekentenis teenoor Liesbet dat hy nie onskuldig is nie, as 'n skok kom. Die bekentenis wat hy voor die fiskaal aflê, bevredig werklik. Maar dit is nog nie die einde van die verhaal nie. Na sy bekentenis besef hy dat die moordklag net 'n voorwendsel was om hom aan die Kaap te hou, want die fiskaal wil die skatkis hê. Maar Anselm weet nie waar die skatkis is nie en hy besluit om so gou moontlik te probeer padgee. Die vraag of hy dit gaan regkry om met sy skip uit die vlei en tussen die soldate deur te ontglip, hou die leser tot op die end geboei.

'n Ander fokuspunt in die verhaal is die ontwikkelende vriendskap tussen Anselm en die Jut ten spyte van die verdwene skatkis. Ook dit sorg vir 'n boeiende intrige wat kulmineer in Anselm se vernoeming van sy skip na Jut en Jut se wenk aan Anselm dat daardie nag die ideale tyd sou wees om uit die vlei te ontsnap. Die verhaal het 'n soort "oop" einde, 'n tegniek wat baie selde in die historiese verhaal gebruik word, maar wat tog vrugbaar is omdat die leser nou sy eie verbeelding kan gebruik. As historiese verhaal is dit beslis geslaagd. Die historiese gegewens is deel van die natuurlike verloop van die verhaal. Skeepsterme en ander gegewens word so netjies in die verhaal ingewef dat dit nooit hinder nie. Dit is 'n verhaal wat herhaaldelik gelees kan word, en elke keer weer geniet sal word.

Karel Kielblock verbeeld ook die tanende glorie van die V.O.C. in Soos water op die grond. 'n Verbasende objektiewe perspektief met betrekking tot die lot van die Boesmans en die Hottentotte word in dié werk vergestalt, veral as in aanmerking geneem word dat die verhaal reeds in 1944 gepubliseer is.

Oor die hele tydperk het die sosiale lewe aan die Kaap met sy klein intriges van danspartye, swaardgevegte en struikrowery skrywers van ligte romantiese ontspanningsverhale geïnspireer. Alhoewel die meeste van hierdie werke niks meer as verstrooiingslektuur is nie, kan dit tog 'n doel dien om die tienermeisie se belangstelling in die verlede te prikkel.

Met sy boeiende verhaalstyl het Elmar Steyn gesorg vir 'n hele aantal interessante verhale uit die tydperk. Verhale wat in hierdie groep tuishoort is onder andere

Taverne by die Kaai, Die Giervalk, Au Revoir Mademoiselle, Die Mooiste Kaap, Aleiman die slaaf, Die gif van die adder, Die huis van St Germain, Ilonka, Die vreemde besoekers en Vreemde erflating.

Ook Karel Kielblock se ontspanningsverhaal Die vreemdeling boei vanweë die onderhoudende vertelstyl. Ander skrywers wat verhale in hierdie kategorie gelewer het, is Vincent van der Westhuizen, T.C. Pienaar, Beyers-Boshoff, Mike Heine, Pierre Conradie, Toek Blignaut, Pierre Fourie, Hendrik van Schalkwyk, Marie van de Merwe, I.D. Lamprecht, Marissa Cordier, De Wet le Roux, Willie Martin, Annelize Morgan, Sanet te Groen, Nanda Pauw en Johan van Niekerk. Tallow and wick van Mary Phillips styg wat verhaalinhoud en styl aanbe-tref bo die gemiddelde ontspanningsverhaal uit, maar die karakterbeelding is ook oppervlakkig omdat die klem op die verhaalgebeure en nie op die karakters val nie.

Ten slotte kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die groot verskeidenheid verhaalsoontlikhede met be-trekking tot die eerste drie eeue redelik goed benut is. Twee tendense is opvallend, naamlik dat voorkeur gegee word aan meer skouspelagtige gebeure of tydperke en dat daar meestal gekonsentreer word op verhale vir ouer kinders en vir jeugdiges. Die gebeure word met enkele uitsonderings oor die algemeen histories korrek weergegee. Waar afgewyk word van die letterlike historiese vertolking, is hierdie afwykings goed gemotiveer binne die konteks van elke verhaal. Die letterkundige standaard van die verhale wissel van puik tot ondergemiddeld.